



# *Oorgee, Omgee Aangee*

**40 Dae Gebedsfokus**



## Die Woordelose Boekie

“’n Kleurvolle manier om die Evangelie te deel”

Die Woordelose Boekie is aanvanklik deur Charles Spurgeon in 1866 bekendgestel. Dit het net drie bladsye gehad: **Swart**, **Rooi**, en **Wit**. Sy preek in die Metropolitaanse Tabernakel in London se titel was “Die Woordelose Boekie”. Hy het vertel van ’n onbekende ou leraar wat drie bladsye bymekaar gesit het om homself dikwels te herinner aan sy sondige toestand (swart), aan Christus se bloed wat vir hom gestort is (rooi), en aan die “witter as sneeu” reiniging wat vir hom voorsien is.

Dit is nie bekend wie die **Goue** bladsy bygevoeg het nie, maar dit het ’n nuwe dimensie aan die boek verleen wat die liefde van God en die glans van die hemel verteenwoordig het. Nege jaar later het DL Moody die boekie gebruik by ’n kinderdiens wat deur ongeveer 12 000 mense bygewoon is. Hulle het die boodskap gehoor van “Die boekie met vier bladsye: Swart, Rooi, Wit en Goud”.

Toe Child Evangelism Fellowship (CEF) die boekie in 1939 begin druk het, het hulle die **Groen** bladsy bygevoeg om geestelike groei aan te dui. In 1993 is **AMOS** deur Hennie en Janetta Viljoen gestig. **AMOS** het die waarde van Die Woordelose Boekie om die Evangelie aan ongeletterde mense oor te dra, besef. Hulle het die **Blou** bladsy bygevoeg, om aan te toon dat Jesus eendag weer gaan terugkeer na ons toe om ons te kom haal.

Later is ontdek dat die International Childrens Ministry Institute (*ICMI*) dieselfde behoefte gevoel het, en reeds in 1988 ook ’n blou bladsy bygevoeg het.



# **OORGEE! OMGEE! AANGEE!**

*40-Dae Gebedsfokus op die Landbou  
01 September – 10 Oktober 2012*

Skrywer:	Hennie Viljoen
Buiteblad ontwerp:	Utilisoft
Taal en gehaltebeheer:	Hannatjie Theron Cilna Maritz
Druk- en bindwerk:	Oranje Drukkers

**Met die uitsluitlike doel dat jy hierdie publikasie gratis mag versprei**, hou *AMOS* geen kopiereg daarop nie. Daarom mag jy hierdie boekie sonder toestemming reproduseer langs enige elektroniese of meganiese weg, of in enige ander vorm, hetsy deur fotokopiëring, bandopname, of enige ander stelsel van inligtingsbeweging. **Die publikasie mag egter nie verkoop word nie.** Vir enige navrae kan u die skrywer kontak.

Uitgegee deur **AMOS AGRIMIN**

082 326 6699 / [info@amosafrica.net](mailto:info@amosafrica.net)

ISBN 978-1-920138-45-5



# Inhoudsopgawe

Hoe om die meeste van die Gebedsfokus te maak.....	iv
--	----

## GEBEDSFOKUS

	Ek skryf aan j <sup>ó</sup> , Teofilus	1
Brief 1	Ek het sleg geslaap	2
Brief 2	Die wortel van die probleem	4
Brief 3	Uit my hart	5
Brief 4	Wanneer is 'n dissipel 'n dissipel?	8
Brief 5	Jesus definieer dissipelskap	10
Brief 6	Jy moet elke dag oorgee, omgee en aangee	12
Brief 7	Dissipels doen goeie werk	14
Brief 8	Jesus gee nie net 'n opdrag nie	15
Brief 9	Die Woord én die Gees	18
Brief 10	Laat jou vriende uit ervaring leer	20
Brief 11	Wow! Aan só 'n God wil ek oorgee	23
Brief 12	Gee net om	25
Brief 13	Mekaar!	27
Brief 14	<i>"Accountable Friends"</i>	28
Brief 15	Nuwe eienaarskap – nuwe seggenskap	30
Brief 16	Leer hulle om gehoorsaam te wees	32
Brief 17	Laat liefde jou motiveer	34
Brief 18	Dissipels is draers van goeie nuus	36
Brief 19	Dissipelskap is 'n saak van die Koninkryk	38
Brief 20	Anker jou in die Woord	40
Brief 21	Om iets te gee, is nie oorgee nie	42
Brief 22	Die ryk familie in ons gemeente	44
Brief 23	Wanneer spring jy op jou perdjie?	47
Brief 24	Net soos Jesus moet jy tyd maak om te bid	50
Brief 25	Die wie, wat en waarom van dissipelskap	52
Brief 26	Hoe word dissipels gemaak?	54
Brief 27	Met Christus oor grense	56
Brief 28	Bybelse fondasies	57
Brief 29	Leer by twee koeldrankblikkies	59
Brief 30	Die Kerk	61
Brief 31	Kom ons verf die kerk	62
Brief 32	Lei op en rus toe	65
Brief 33	Gaan!	67
Brief 34	Die Woordelose Boekie	69



Brief 35	Die agtergrond waarteen jy aangee	71
Brief 36	Wen die geestelike stryd	73
Brief 37	Vernietig! Vestig nuut!	75
Brief 38	Bekering is nodig	77
Brief 39	Maar jý, wie sê jý?	79
Brief 40	Tyd om te groet	82

Baie dankie dat jy getrou saam met ons bid. Vra dat die Here, deur die proses van dissipelskap, die landbougemeenskap in Suid-Afrika en Afrika oorgee-, omgee en aangee-mense sal maak. Mag jy die eerste wees om self 'n oorgee-, omgee- en aangee-mens te word.



# HOE OM DIE MEESTE VAN DIE GEBEDSFOKUS TE MAAK

Hou die volgende in gedagte om die meeste van hierdie 40 dae te maak:

## 1. Beplan en organiseer

Benut elke bestaande gebedsgeleentheid. Skep ook nuwe geleenthede om gedurende dié tyd saam met ander mense te bid. Daar is baie moontlikhede, maar dit gaan nie vanself gebeur nie. Julle moet moeite doen en deeglik beplan. Dink aan die volgende:

- Jou persoonlike **stiltetyd**;
- Gebede **aan tafel** (*dis dié geleentheid waar mense vir die landbou kan en behoort te bid*);
- Met **invaltyd, uitvaltyd** of **gedurende middagetes** kan tyd aan gebed afgestaan word;
- Gebruik julle **bestaande kleingroepbyeenkomste**;
- Tydens **eredienste** kan 'n boer, boervrou, kind, plaaswerker of enige ander lidmaat gevra word om spesiaal vir die landelike en boerderygemeenskap in te tree;
- **Spesiale gebedsgeleenthede** (bidure), asook **halfnag- of deurnag-gebedsgeleenthede** kan gereël word;
- Mobiliseer **bejaardes, kinders, vrouens, gebedsgroepe, ens.** om saam te bid.
- **Bemark** die *40-Dae Gebedsfokus op die Landbou* so wyd as moontlik. Benut die plaaslike koerante en radiostasies. Onthou, dié riglyne verskyn ook in Afrikaans en Engels op *AMOS* se tuisblad: [www.amosafrica.net](http://www.amosafrica.net) Dit mag vrylik gedupliseer word.

## 2. Lees die Skrifgedeeltes

Lees die Skrifgedeeltes! Beantwoord die vrae. Indien jy net lees wat in die boodskap staan, gaan jy min seën en groei ervaar. Onthou, die belangrikste is om die Gees die geleentheid te gee om deur die Woord aan die woord te kom.



### 3. Bely sonde

Al word dit nie spesifiek by elke dagstukkies genoem nie, is dit uiters belangrik om deurgaans aandag te gee aan die vier belangrike sake wat in **2 Kronieke 7:14** genoem word:

- Laat die Heilige Gees berou in jou werk;
- Bid en bely alle sonde waarvan die Gees jou oortuig;
- Vra na die wil van die Here en gehoorsaam dit;
- Draai terug van jou bese weë. Draai jou rug op alles wat in die lig van die Woord nie God se goedkeuring wegdra nie.

### 4. Gebedsriglyne

Die gebede gee 'n aanduiding waarvoor gebed behoort te word. Dis nie wettiese voorskrifte nie. Lees en oordink die gedeelte vir elke dag. Bid dan oor alles wat die Heilige Gees op jou hart plaas.

### 5. Kweek die dissipline om te vas en gehoorsaam te wees

Daar is verskeie goeie boeke op die mark oor vas en gebed. Lees dit gerus. Die 40-Dae Gebedsfokus is 'n ideale geleentheid om jou selfbeheersing en dissipline op te skerp. Jy kan soos Ester-hulle vir drie dae niks eet of drink nie (Ester 4:16), of soos Daniël en sy vriende net groente eet en water drink (Daniël 1:12).

Oorweeg dit om byvoorbeeld vir dié 40 dae te vas van iets waarvan jy baie hou: Drink geen koffie of Coke nie; eet geen lekkergoed of sjokolade nie; eet geen vleis of suiwel of brood nie. Jy kan ook besluit om nie 'n tweede bord kos te eet nie, geen tonikums te drink of ander stimulant te gebruik nie. Gebruik byvoorbeeld liewer die tyd wat jy na 'n spesifieke TV-program sou kyk, om te bid. Daar is soveel moontlikhede. Dis belangrik om self by die Here te hoor wat jy/julle moet doen.

Dis nie net kos, TV, ensovoorts, wat ek en jy moet leer om soms te los nie. Ons moet veral leer om **altyd ons sonde en ongehoorsaamheid te los**. Ons moet vas van ons bese werke en breek met slegte gewoontes. Gebruik dus ook hierdie 40 dae om die dissipline van gehoorsaamheid aan te leer en in te oefen.





## Ek skryf aan jǒú, Teofilus

Lukas skryf beide sy Evangelie en Handelinge aan Teofilus (Lukas 1:3 en Handelinge 1:1). Dié naam kom net op hierdie twee plekke in die Nuwe Testament voor. Dit is 'n naam wat uit twee Griekse woorde saamgestel is: God (theos) en liefde (phileo). Teofilus beteken *kosbaar vir die Here* (dear to God), óf dit kan verwys na *iemand wat God lief het* (lover of God).

Ek het dié naam gekies omdat dit jǒú, aan wie ek hierdie briewe rig, die beste beskryf. Ek noem jou dus in hierdie briewe Teofilus omdat *jy vir die Here só kosbaar is* en omdat *jy Hom lief het*.

Ek skryf aan jǒú persoonlik omdat ek jǒú lief het. Oor jare het ek (en ander geestelike leiers) jou soveel probeer leer, dat jy moontlik 'n bietjie verward is. Ek wou jou baie dinge, baie goed leer, maar ek het vergeet van 'n baie waar gesegde: *Less is more! Teach less, teach more!* Ek wil dit spesifiek van toepassing maak op dissipelskap. Daar word so baie oor dissipelskap gepraat, terwyl meeste mense steeds nie weet wat dit werklik beteken nie. ***Daar is 'n dringende behoefte in die kerk aan 'n eenvoudige en werkbare definisie van dissipelskap.*** Daarsonder sal lede van AMOS en/of lidmate van gemeentes nie weet wat van hulle verwag word nie. Hulle sal ook nie weet wanneer hulle daarin geslaag het om wel dissipels te maak nie. Daarom sal hulle ongemotiveerd en onbetrokke bly.

Met hierdie briewe wil ek jou, Teofilus, help om dissipelskap te verstaan. Maar meer as dit. Ek wil jou help om 'n dissipel van Jesus te wees en soos jy deur die lewe gaan, van die mense rondom jou dissipels van Jesus te maak. Ek wil nie hê jy moet soos ek, eers 40 jaar na jou bekering ontdek wat dissipelskap beteken nie. Daar is gans en al te veel op die spel.

Ek dank die Here vir dit wat Hy my die afgelope jare deur sy Woord en Gees oor dissipelskap geleer het. Ek dank Hom ook vir dierbare vriende en goeie boeke wat ek kon bestudeer. Wat ek vandag het om vir jou aan te gee, het ek ook maar net gekry. Ek het dus niks om op te roem nie. Mag Jesus alleen die lof en die eer kry wanneer hierdie briewe baie en blywende vrug in jou lewe dra.

Hennie Viljoen  
Augustus 2012





# Brief 1

## Ek het sleg geslaap

Teofilus

Dit gaan goed op die plaas, maar laasnag het ek sleg geslaap. Ek het oor die boerdery gedink - oor die skape, beeste, bokke, die veld, drade en water. Ons spandeer 'n klompie geld om die hele *waternetwerk* weer reg te kry. Ons diere verdien genoeg, helder skoon water, want water is lewe. Deur goeie bestuur probeer ons regtig om die *gehalte van die weiding* elke jaar te verbeter. Ons diere moet goeie kos kry. Ons het ook vir Gerrit gehuur om ons te help om die *krale en kampdrade* weer reg te maak. Ek en Klaas is moeg daarvoor dat óns skape die wêreld vol loop. Dis gevaarlik, want die *roofdiere* is oral. Om die kuddes te beskerm het ons verskeie stelsels in plek. Ons het elektroniese *skaapwagters* in die veld wat dag en nag hulle “stem” laat hoor en 'n reuk afgee wat roofdiere nie kan verdra nie. Ons doen ook moeite om ons diere teen *inwendige en uitwendige parasiete* te beskerm. Hoe kan ons toelaat dat die lewe stadig maar seker uit ons diere gesuig word?

Terwyl ek toe so aan al dié uitdagings lê en dink, beseft ek skielik dat al dié regte dinge wat ek en Klaas doen, nie van ons goeie boere maak nie. Al dié goed is belangrik, maar as ons skaap nie reproduseer nie, is ons nie boere nie. Dan is ons hoogstens oppassers. **Goeie boere fokus op reproduksie!** Een moet baie word! As ons eie kudde nie reproduseer nie, sal ons, soos wat ons diere ouer word en vrek, altyd nuwe skape van ander boere moet inkoop. Dis onbekostigbaar en dwaas! En as die ander boere ook aandag aan alles behalwe reproduksie gee, sal dit al moeiliker raak om skaap in die hande te kry – veral as ons net 'n spesifieke soort en kleur skaap wil hê. Sonder reproduksie en vermenigvuldiging sal ons boerdery kwyn en later bankrot speel. As dit met een boerdery na die ander gebeur, loop die hele bedryf gevaar om tot niet te gaan.

Dis toe dat die Gees van die Here my oë oopmaak om die verband met die kerk raak te sien. In die kerk gee ons ons skape week vir week goeie kos en lewende water. Christelike boeke, CD's en DVD's sorg vir voldoende byvoeding. Ons probeer ons skape so goed moontlik



waarsku en beveilig teen die wêreld en al die gevare wat daar dreig. Ons verdra nie dat ander op hulle parasiteer nie. Ja, ons doen al die regte dinge – MAAR ons kudde reproduseer nie. Daarom groei gemeentes hoofsaaklik deur skaap wat van ander kuddes (gemeentes) af kom. Of die skaap ingekoop of gesteel word, en of hulle self van die bure af deurkruip omdat hulle meer hou van die weiding en die manier hoe hulle in ons gemeente behandel word, maak nie saak nie. Feit is, hulle het nie deur reproduksie deel van ons gemeente geword nie.

Dit was die moeite werd om wakker te lê. Ek glo die Here het my gewys dat ons die probleem in die kerk en in AMOS in een sin kan saamvat: **Daar is 'n gebrek aan reproduksie.** [Dit klink darem sagter as om te sê dat 'n gemeente of AMOS steriel is.] In sy boek, *The Disciple-making Pastor* (2007 hersiene en uitgebreide weergawe), skryf Bill Hull op bladsy 169: *It takes 1000 Christians 365 days to introduce one person to Christ. At this rate, reaching the world is a fantasy.* Of jy nou saamstem met die statistiek wat Bill Hull gee of nie, kyk net na dit wat om jou gebeur. Hoeveel heidene het die afgelope jaar of twee tot bekering gekom? Hoeveel is dissipels van Jesus gemaak? Hoeveel is geleer om alles te onderhou wat Jesus ons beveel het? **Hoeveel het, omdat hulle deur lidmate van julle gemeente uit die duisternis vir Christus gewen is, besluit om by julle gemeente in te skakel?**

Teofilus, dis met skaamte dat ek erken: Daar word baie goeie goed in AMOS en in talle plattelandse gemeentes gedoen, maar die één ding wat meestal ontbreek, is REPRODUKSIE!

*Here, ek en Teofilus huil vandag oor die onvermoë van meeste gemeentes om te reproduseer. Ook ons is so onvrugbaar. Ons pleit vandag dat U AMOS, asook veral die plattelandse kerke en gemeentes sal help om te reproduseer. Ons wil nie steriel wees nie. Amen*



## Brief 2

### Die wortel van die probleem

Teofilus

In my vorige brief het ek gesê dat die een ding wat in baie gemeentes ontbreek, reproduksie is. Maar die gebrek aan reproduksie is die gevolg van 'n dieperliggende probleem. Jesus het die opdrag om dissipels te maak aan dié mense gegee wat Hý dissipels gemaak het. Net dissipels kan dissipels maak. Dus kan ek nie van jou verwag om dissipels te gaan maak as niemand jou 'n dissipel gemaak het nie. Ek aanvaar mede-verantwoordelikheid vir die feit dat ons soveel mense *lidmate* van kerke gemaak het, maar nooit *dissipels* van Jesus nie. Ek is bitter spyt daarvoor.

**Die gebrek aan reproduksie bewys dat daar 'n dringende behoefte in die kerk is aan 'n eenvoudige en werkbare definisie van dissipelskap.** Daarsonder sal lede van AMOS en/of lidmate van gemeentes nie weet wat van hulle verwag word nie. Hulle sal ook nie weet wanneer hulle daarin geslaag het om wel dissipels te maak nie. Daarom sal hulle ongemotiveerd en onbetrokke bly.

Daarom skryf ek hierdie briewe aan jou. Ek wil aan jou 'n eenvoudige definisie van dissipelskap gee. Hoe eenvoudiger ek dit kan hou, hoe beter. Ek is oortuig daarvan dat ek jou meer gaan leer deur jou minder te leer. **“Less is more!”** Hoe korter en eenvoudiger ek vir jou kan verduidelik hoe 'n dissipel lyk en wat dissipelskap is, hoe groter is die kans dat jy nie net 'n dissipel van Jesus gaan word nie, maar ook ander mense dissipels van Jesus sal gaan maak.

**Jesus sê sy dissipels is almal mense wat oorgee, omgee en aangee.** Hierdie drie woorde is 'n baie kort samevatting van seker die drie belangrikste opdragte in die Woord: *Liefde tot God; Liefde tot my naaste en die sendingopdrag.* Dis hoe 'n dissipel in die Nuwe Testament beskryf word.



OORGEE is die samevatting van begrippe soos bekering; kruis opneem; sterwe aan jouself; opstanding met Christus in 'n nuwe lewe; prysgee van eie belang; 24/7-gehoorsaamheid aan die Koning; asook om onder nuwe beheer en bestuur te staan.

OMGEE is om liefde 'n werkwoord te maak, en liefde is die kenmerk van dissipels (Johannes 13:35). Dissipels gee om vir mekaar én mense in geestelike, fisiese en emosionele nood. Hulle gee om vir vriend én vyand, vir medegelowiges én ongelowiges, vir die nasies én vir die skepping.

Dissipels is ook mense wat in gehoorsaamheid aan die Koning gedurig saam met Hom gaan om sý heerskappy in die wêreld te gaan vestig. Hulle gaan GEE Hom en sy Woord AAN vir die wêreld, sodat meer en meer mense uit elke stam, volk, taal en nasie kan *oorgee, omgee en aangee*.

*Here, ek bely dat ons dikwels meer fokus op die werwing van lidmate om die kerk finansieel te ondersteun as op die maak van dissipels om u Koninkryk in die wêreld en ook in die landbou te vestig. Vergewe ons asseblief en help ons om ons fokus te verander. Help ons om in heel eenvoudige taal te verstaan wie en wat 'n dissipel van Jesus is. Begin asseblief by my en Teofilus. Maak ons dissipels van Jesus. Amen*

## **Brief 3**

### **Uit my hart**

Teofilus

Dankie, vir jou vrymoedigheid om my 'n paar reguit vrae te vra. Ek antwoord dit nie ligtelik nie. Ek gaan my hart met jou deel.



Ek kan nie onthou presies wanneer dit was nie, maar dit was voor of in die jaar 2000, wat ek eendag die volgende woorde in 'n kerk in die Paarl gelees het: **Oorgee – Omgee – Aangee**. Die Gees het dié woorde in my hart gebêre en in Junie 2001 het ek reeds die eerste keer gewaag om 'n kleingroep-studie daaroor te skryf. Oor jare het ek algaande die ryke inhoud en volle betekenis van dié woorde ontdek. Die drie woorde is eintlik die antwoord op al vyf jou vrae:

**1. Jy wil weet wat vir my baie belangrik is? Watter waardes my lewe bepaal?** My antwoord is:

- **Oorgee, omgee en aangee!**
- Hoekom? Ek wil altyd en in alles aan God oorgegee en uitverkoop wees. Die rede is voor-die-hand-liggend: op grond van wat Hy vir my gedoen het (Romeine 12:1)! Hierdie drie woorde is 'n baie kort samevatting van die drie belangrikste opdragte in die Woord: Liefde vir God; Liefde vir my naaste en die sending-opdrag.

**2. Jy wil weet waarmee ek my elke dag besig hou? Wat my agenda is?** My antwoord is:

- **Oorgee, omgee en aangee!**
- Hoekom? Omdat dit vir my belangrik is. Dis my waardes. Daarom is dit daaglik op my agenda. Dis egter belangrik om te verstaan dat *oorgee, omgee en aangee* nie punte op my agenda is nie. Dis die papier waarop my hele agenda geskryf is. In alles wat ek doen wil en moet ek *oorgee, omgee en aangee*. *Oorgee, omgee en aangee* vra dus nie noodwendig bykomende tyd naas 'n klomp ander dinge nie. Dis die manier waarop ek alle dinge probeer doen.

**3. Jy wil weet wat die produk is wat ek in **AMOS** wil sien?** Waarheen moet ons bediening mense neem? Hoe moet hulle wees? Wat moet hulle word? My antwoord is:

- **Oorgee-, omgee- en aangee-mense!**
- Hoekom? Omdat ek slegs *oorgee-, omgee- en aangee-mense* kan vertrou om die Koninkryk van God sigbaar te maak in die



landbougemeenskap. Mense met ander waardes en ander agendas gaan dit beslis nie doen nie! Net dissipels reproduseer.

4. Jou vierde vraag het ek deels klaar beantwoord, maar dis goed om dit te herhaal. **Jy wil weet hoe ek 'n dissipel sien? Wat my definisie van dissipelskap is?** My antwoord is:

- **Dis iemand wat oorgee, omgee en aangee.**
- Hoekom? Omdat dit is hoe 'n dissipel in die Nuwe Testament beskryf word. OORGEE is die samevatting van begrippe soos bekering; afsterwe en opstanding; prysgee van eie belang; kruis opneem; 24/7-gehoorsaamheid aan die Koning; om onder nuwe beheer en bestuur te staan. OMGEE is om liefde 'n werkwoord te maak, en liefde is die kenmerk van dissipels. Dissipels gee om vir mekaar en mense in geestelike, fisiese en emosionele nood. Hulle gee om vir vriend en vyand, vir medegelowiges en ongelowiges, vir die nasies en vir die skepping. Dissipels is ook mense wat in gehoorsaamheid aan die Koning gedurig saam met Hom gaan om sy heerskappy in die wêreld te gaan vestig. Hulle gaan GEE Hom en sy Woord AAN vir die wêreld, sodat meer en meer mense uit elke stam, volk, taal en nasie kan *oorgee, omgee en aangee*.
- Steve Murrell, in sy boek *Accidental Missionary (The unexpected adventure of making disciples)* definieer dissipelskap in hoofstuk 3 as volg: ***Follow Jesus, Fish for people and Fellowship with others.*** Die ooreenkoms met *oorgee, omgee en aangee* is duidelik, al verskil die volgorde.

5. Jou laaste vraag het my 'n hele ruk besig gehou. **Hoe definieer ek oorwinning in AMOS? Wanneer kan ons juig en feesvier? Ek sal sê dit is:**

- **Wanneer iemand in die landbougemeenskap oorgee, omgee en aangee.**
- Hoekom? Omdat ons dan dissipels gemaak en onself gereproduceer het. Omdat vermenigvuldiging plaasgevind het. Omdat AMOS dan die produk gelewer het wat ons in die vooruitsig gestel het. Omdat meer mense se agenda dan *oorgee, omgee en aangee* is. Omdat meer landbouers dan dieselfde waardes begin



nastreef en uitleef. Omdat meer mense dan alles onderhou wat Jesus ons geleer het. Omdat sy Koninkryk dan kom.

Net soos Paulus in Filippense 3:12, wil ek nie beweer dat ek dit alles al volkome bereik het, of dat ek volmaak is nie. Maar ek hou steeds aan om daarna te strewe. Omdat *oorgee, omgee en aangee* die lewe van Jesus kenmerk, is dit my brandende begeerte dat dit hoe langer hoe meer ook my lewe sal kenmerk, want Jesus leef in my. Hy het vir my, om dit by wyse van beeldspraak te sê, *sý oorgee-, omgee- en aangee-DNA* gegee. Daarom móét, kán en wíl ek *oorgee, omgee en aangee*.

Teofilus, dankie dat jy dié vrae aan my gestel het, maar wat van jou? Wat is jóú antwoord op hierdie vrae?

*Heilige Gees, herinner my en Teofilus asseblief gereeld aan hierdie belangrike vrae. Help ons om dit eerlik en opreg te antwoord. Help ons om met U daaroor te praat en nie net met mekaar nie. Verander ons lewe as U nie met ons antwoorde tevrede is nie. Amen*

## Brief 4

### Wanneer is 'n dissipel 'n dissipel?

Teofilus

Ek kan verstaan dat jy 'n bietjie deurmekaar raak oor wat dissipelskap nou eintlik beteken. Dit gebeur omdat ons mense dissipels noem wat nie dissipels is nie. Dink jy die volgende gesprek sal ooit hier op die plaas tussen twee werkers gevoer word?:

**Bertus:** Ek het vir my 'n nuwe bakkie kontant gekoop!

**Ivan:** Wat? Waar kry jy die geld vir 'n nuwe bakkie?

**Bertus:** Kom kyk , ek wys jou! (Bertus kom met 'n kruiswa vorendag.)

**Ivan:** Twak man, dis nie 'n bakkie nie. Jy kan nie iets wat een wiel het en deur 'n mens gestoot moet word 'n bakkie noem nie.





Dis 'n kruitwa, al het dit 'n bak. Jy moet die ding stoot, dit ry nie vanself nie. 'n Bakkie het 'n enjin. Jy laai jou vrag agterop en klim self voor in. Iets waarin jy nie self kan ry nie, iets sonder 'n enjin is nie 'n bakkie nie!

Belaglik né! Maar dit lyk my in die kerk werk dinge anders as op die plaas. In die kerk word baie mense iets genoem wat hulle nie is nie. Hulle word dissipels genoem, selfs al voldoen hulle nie aan een van die eienskappe wat Jesus sê sý dissipels het nie. Watter drie belangrike kenmerke het Jesus se dissipels?

**Lees Matteus 16:24-26**

Watter eis word hier aan volgelinge van Jesus gestel?

.....

Jesus sê dus eintlik dat almal wat sy dissipels is, ..... -mense is.  
(OORGEE-, OMGEE- of AANGEE-mense? Kies een.)

**Lees Johannes 13:35**

Waarom sê Jesus sal sy dissipels uitgeken word?

.....

Jesus sê dus eintlik dat almal wat sy dissipels is, ..... -mense is.  
(OORGEE-, OMGEE- of AANGEE-mense? Kies een.)

**Lees Matteus 28:18-20**

Wat is die laaste opdrag wat Jesus aan sy dissipels gegee het?  
Waarmee moet hulle besig bly?

.....

Jesus sê dus eintlik dat almal wat sy dissipels is, ..... -mense is.  
(OORGEE-, OMGEE- of AANGEE-mense? Kies een.)



Teofilus, as jy wil weet wie en wat 'n dissipel is, moet jy luister na wat Jesus sê. Jy kan nie dissipelskap definieer op grond van die manier hoe die meerderheid kerkmense lewe nie. **Jesus sê sy dissipels is almal mense wat oorgee, omgee en aangee.**

Teofilus, kan ek jou reguit vra: Is jy reeds 'n dissipel van Jesus, of is jy net 'n lidmaat van 'n kerk?

*Vader, in die Naam van Jesus, bekleed met sy geregtigheid en gevul met sy Gees, bring ek sy wens voor U. Ek bid vandag dat Teofilus en elkeen wat net 'n lidmaat van die een of ander kerk is, ook 'n dissipel van Jesus sal word. Amen*

## **Brief 5**

### **Jesus definieer dissipelskap**

Teofilus

In my vorige brief het ek Jesus se definisie van dissipelskap met jou gedeel. Jesus het egter nie, soos óns dikwels doen, net mooi woorde gebruik om dissipelskap te definieer nie. Hy het dit met sy eie lewe gedefinieer. Hy het dit geleef! As ek Jesus se lewe in 'n paar woorde moet beskryf, sal ek beslis sê dat sy lewe gekenmerk is deur *oorgee, omgee en aangee.*

OORGEE:

- ✓ Omdat Jesus die Vader *liefhê*, was Hy volkome *gehoorsaam* aan die Vader (Johannes 14:31);
- ✓ Hy het geen ander *doel* nagestreef nie as net die *plan* wat die Vader vir Hom gehad het (Johannes 4:34);
- ✓ Hy was gedurig in *gesprek* met die Vader en het vir mense net *gesê* wat Hy by die Vader *gehoor* het (Lukas 5:16, asook Johannes 14:10 en 24);
- ✓ Hy het sy roeping en opdrag volledig uitgevoer (Johannes 17:4);



- ✓ Hy was bereid om aan die kruis te sterf – só volledig was Hy oorgegee aan die wil van sy Vader (Filippense 2:8)!

#### OMGEE:

- ✓ Uit Jesus se bediening is dit duidelik dat Hy vir *alle mense* omgee het
- ✓ Hy het ook vir die *hele mens* (gees, siel en liggaam) omgee;
- ✓ Hy was bereid om aan die kruis te sterf – dit is die mate waarin Hy vir ons omgee het (Johannes 13:1 en 1 Johannes 3:16);

#### AANGEE:

- ✓ Hy was God se Gestuurde (Johannes 3:17 en 1 Johannes 4:9-10), sy Apostel (Hebreërs 3:1);
- ✓ Hy was bereid om aan die kruis te sterf – so verbind (committed) was Hy om verlossing en oorwinning vir ons aan te gee. (Kolossense 2:14 en Hebreërs 10:10 en 14);
- ✓ Jesus het sy gehoorsaamheid, sy heiligheid en sy geregtigheid (sy volmaakte verhouding met die Vader) as geskenk vir my en jou aangegee.

Wie ons vandag in Christus is en watter voorregte ons as kinders van God geniet, het ons ALLES te danke aan Jesus se *oorgee, omgee en aangee*. Jesus is dus nie net vir ons 'n Rolmodel in *oorgee, omgee en aangee* nie. Hy is veel meer! Hy is die Fondasie op grond waarvan ons kan *oorgee, omgee en aangee*. Hy is die Bron waaruit ons *oorgee, omgee en aangee*. Hy is die Alfa en die Omega van dissipelskap. Óók dissipelskap is uit Hom en deur Hom en tot Hom (Romeine 11:36). Dissipelskap is sy plan vir reproduksie en daar is geen ander of beter plan nie. Dis die enigste plan. Ons moet dit net beter uitvoer.

*Here Jesus, help ons om U na te volg: Dit wat U ons kom leer het, sowel as die manier hoe U geleef het. Amen*



## Brief 6

### Jy moet elke dag *oorgee, omgee en aangee*.

Teofilus

Nadat ek op 15 Mei 1972 reageer het op die Here se roepstem, was dit nie vir my maklik om vir ander van my bekering te gaan vertel nie. Nogtans het ek diep in my hart geweet ek móét dit doen. Ek kon nie stilbly nie. Ek wou nie stilbly nie, maar ek was bang. Ek het geweet: Hoe langer ek uitstel, hoe moeiliker gaan dit word – en as ek lank genoeg uitstel, gaan ek dit nooit doen nie. Toe ek uiteindelik al my moed bymekaarskraap en dit vir iemand vertel, het iets wonderlik gebeur: my geloof en my verhouding met die Here het gegroei. Dit was die eerste vrug van gehoorsaamheid.

Baie mense skuil na jare nog agter die verskoning dat hulle nog nie kan *omgee* en *aangee* nie, aangesien hulle steeds sukkel om ten volle *oor te gee*. Hulle wil éérs meer leer, nog 'n seminar bywoon, nog dit doen en nog dat uitsorteer. Só mislei die Satan hulle tot blatante ongehoorsaamheid. Die ironie is dit: As jy nie *omgee en aangee* nie, sal jy nié groei in jou *oorgee* nie. As jy nie meer en meer *oorgee* nie, sal jy nie groei in *omgee en aangee* nie. Hierdie waarheid is so belangrik dat ek dit met twee beelde wil versterk:

Jy kan 'n **leer** net tot heel bo klim as jy beide jou voete en jou hande om die beurt hoër skuif. As jou een voet onder op die grond bly, sal jy nooit jou ander voet op die boonste sport kry nie. As jy met jou aangee-been op die grond staan, beperk jy die hoogte wat jy met jou oorgee-been en jou omgee-hande kan bereik. Dink ook aan **driebeen-resies**. As kinders het ons dit baie gehardloop. Dink aan die middelste twee bene wat aan mekaar vasgebind is, as die oorgee-been. Die oorgee-been kan nie die wenpaal bereik as die omgee- en aangee-bene nie elke tree wat die oorgee-been gee, volg nie. Al drie gaan saam vorentoe, of al drie bly saam agter. *Oorgee, omgee en aangee* is drie prosesse wat om



die beurt plaasvind. Die een been kan hoogstens een tree voor die ander een wees.

Toe die Samaritaanse vrou by die put 'n ontmoeting met Jesus gehad het (Johannes 4 – Let op vers 28-30, asook 39-42), het sy, selfs al het sy nog getwyfel, dadelik 'n boodskap en 'n getuienis gehad wat sy kon gaan *aangee* aan mense vir wie sy omgee het. Sy het nie geglo sy behoort eers haar eie lewe heeltemal uit te sorteer, of dat sy eers die pad drie jaar saam met Jesus moet stap, voordat sy die reg het om aan te gee nie. Nee, sy het dadelik gaan vertel en deurdag dat sy gaan *aangee* het, het sy nie net gewys dat sy *omgee* vir ander mense nie, maar dit was ook 'n bewys van haar gehoorsaamheid, haar *oorgee* aan God. Toe die ander Samaritane ook tot geloof kom, is háár geloof versterk en het sy in haar oorgawe aan God gegroei.

Wanneer jy *omgee en aangee*, groei jy in *oorgee*. Hoe meer jy *oorgee*, hoe meer wil jy *omgee en aangee*. *Oorgee, omgee en aangee* gaan hand aan hand. Ek moedig jou dus aan om reg van die begin af al drie te doen. As jy *omgee* en *oorgee* vir later bêre, gaan jy nie geestelik groei nie en gaan jy heel moontlik nooit daarby uitkom nie. Let maar op, dit gebeur ook in gemeentes wat glo hulle moet eers net op *oorgee* fokus. In plaas daarvan dat dié gemeentes geestelik groei en al hoe meer gemotiveerd raak vir sending, sterf hulle geestelik en word sending jaarliks vir net nog 'n jaar uitgestel omdat daar nie nóú geld en tyd daarvoor is nie. *Oorgee* word 'n teorie in plaas van 'n lewenswyse.

Daarom gaan ek nie eers nét oor *oorgee* vir jou skryf, en daarna oor *omgee*, en laastens oor *aangee* nie. Reg van die begin af gaan ek oor al drie skryf, want jy moet elke dag *oorgee, omgee en aangee*. **Jesus sê sy dissipels is almal mense wat *oorgee, omgee en aangee*.**

*Here God, oortuig asseblief vir Teofilus dat oorgee, omgee en aangee drie prosesse is wat gelyktydig plaasvind. Bevry hom van die leuen dat aangee die einde van die dissipelskap-proses is en dat hy dit eers*



*kan doen nadat hy volwasse en volmaak in sy oorgee en omgee geword het. Amen*

## **Brief 7**

### **Dissipels doen goeie werk!**

Teofilus

Ek is so bly oor jou vraag of Jesus se opdrag beteken dat jy alles móét los om dissipels te gaan maak – ook jou boerdery en jou werk. Ek wil begin deur jou te vertel van 'n vrou wat eendag voor my in 'n winkel geloop het. Agterop haar swart T-hemp was die volgende woorde in groot geel letters geskryf: *Work is love made visible*. Die betekenis van die woorde het my aangegryp. Hoe vaardig, netjies, op tyd en met vreugde jy jou werk doen, wys hoe lief jy die mense het vir wie jy werk, saam met wie jy werk, asook die in wie se belang jy werk. Die beste manier hoe iemand op die plaaslike raad kan wys hoeveel hy vir die gemeenskap omgee, is deur eerlike werk van goeie gehalte. Die enigste manier hoe 'n onderwyseres kan wys hoe lief sy die kinders het, is deur die gehalte van die onderrig wat sy gee.

#### **Lees 1 Timoteus 5:8 en 2 Tessalonisense 3:6-12**

Hoe kan 'n man wys dat hy werklik *omgee* vir sy huismense en sy geestelike familie?

.....

#### **Lees 1 Timoteus 6:1-2**

Hoe kan 'n gewone arbeider wys dat hy vir sy werkgewer *omgee*?

.....



### Lees Efesiërs 4:28

Hoe behoort mense wat voorheen lui, sleg en skelm was, na hulle bekering te wys dat hulle nuwe mense is, dissipels van Jesus wat *omgee* vir ander in nood?

.....

### Lees Psalm 78:72 en Daniël 6:5

Hoe het Dawid as regeerder en Daniël as amptenaar van 'n heidense koning gewys dat hulle vir die volk en vir die koning omgee?

.....

Teofilus, dit is dus duidelik dat Jesus nie van elkeen wat sy dissipel wil word verwag om sy werk te bedank nie (Lees gerus 1 Korintiërs 7:17-24).

**Jesus sê sy dissipels is mense wat *oorgee, omgee en aangee*. Wys dan dat jy werklik *omgee!* Wys dit deur jou werk stiptelik te doen, met integriteit, vaardigheid en vreugde. En onthou: *Work is love made visible*. Christene wat lui is en/of leeglê gee aan dissipelskap 'n slegte naam. Hulle is soos rook in die oë en asyn teen die tande.**

*Here, laat my en Teofilus se werk 'n bewys wees van hoeveel ons regtig omgee. Laat ons as u dissipels in die werkplek en op die plaas 'n voorbeeld en inspirasie vir ander wees. Laat ons in en deur ons werk ook vir U dissipels maak. Amen*

## Brief 8

### Jesus gee nie net 'n opdrag nie

Teofilus

Toe jy klein was, was jy waarskynlik bang om na vreemde mense toe te gaan as jou pa of ma nie by was nie. My kinders was ook só. Wanneer





ek egter by hulle was, het hulle vir niks geskrik nie. Dan het hulle kans gesien vir donker plekke, vreemde mense en moeilike take. Niks kon hulle lus vir avontuur demp nie.

In die verlede het ek jou dikwels herinner aan die *Groot Opdrag* van Jesus in Matteus 28:18-20, maar ek het jou selde of ooit herinner aan *wie* Jesus is, of aan sy *belofte* in dieselfde gedeelte. Vergewe my asseblief hierdie onreg. Hoe kon ek van jou verwag om die *Groot Opdrag* uit te voer sonder om jou te verseker van Jesus se *onbeperkte mag*, asook sy *persoonlike teenwoordigheid* by jou?

Jy sien, waar ons die klem lê, maak dikwels 'n groot verskil. Iemand het op sy vriend se grafsteen geskryf: *Hier lê Jan. In die hemel is hy, nie in die hel, dit weet ons wel.* Toe het iemand anders gekom en net die eerste komma geskuif. Toe lees dit: *Hier lê Jan. In die hemel is hy nie, in die hel, dit weet ons wel.* In Jan se geval, het die komma 'n baie groot verskil gemaak. Waar ons die klem lê wanneer ons Matteus 28:18-20 lees, maak ook 'n wêreld se verskil. Deur die klem nét op Jesus se bevel te plaas, maak ons mense eerder bang vir die opdrag, in plaas daarvan om hulle te motiveer om dit te gehoorsaam. Die werklike motivering en inspirasie om dissipels te gaan maak, vind jy in vers 18 en 20 waar Jesus oor sy *onbeperkte mag* en sy *persoonlike teenwoordigheid* by ons praat.

Jesus was gehoorsaam (*oorgegee!*) tot die dood aan die kruis en het drie dae later uit die dood opgestaan. Op grond daarvan verklaar Hy dat ALLE MAG in die hemel en op die aarde nou aan Hom gegee is. Dit beteken dat hemel en aarde onder sy beheer staan; dat Hy nou oral en altyd die seggenskap het; dat niks en niemand vir Hom enige bedreiging inhou of sy plan kan dwarsboom nie; dat Hy altyd, in elke stryd en in alle situasies die Oorwinnaar is. Hy het die vermoë en bevoegdheid om die ganse skepping sy doel te laat bereik. Hy het die dood oorwin en die werk van die duiwel tot niet gemaak. Hy kan elke gebroke verhouding herstel; alle verslawing en elke binding verbreek; elke siekte genees; elke probleem oplos; elke situasie omkeer; elke traan afdroog en in elke hopelose situasie uitkoms gee. Hy kan oral en altyd sorg. Hy is dus ook



in staat om jou te help om sy opdrag suksesvol uit te voer. Omdat Hý oor alle mag beskik, kan jý dissipels maak.

Die slimste wetenskaplikes in die wêreld ontdek daagliks nuwe dinge wat God reeds lankal weet. Nuwe deurbrake op die gebied van genetika, elektronika en ruimte-tegnologie onderstreep maar net die groot wysheid waarmee Hý alles gemaak het en hoe Hý steeds alles in stand hou (Hebreërs 1:1-4). Die rykste mense geniet maar net wat nog altyd aan Hóm behoort. Die invloedrykes en magtiges van hierdie wêreld leef, beweeg en bestaan ook maar net deur Hom (Handelinge 17:28). Daarom hoef jy glad nie geïntimideerd of minderwaardig te voel in hulle teenwoordigheid nie. Jou opdrag kom van 'n hoër gesag as wat enige een van hulle het.

Maar dis nie al nie. Jesus belowe om oral en altyd met jou te wees wanneer jy, terwyl jy deur die lewe gaan, besig is om dissipels te maak. Hy stuur jou nie weg van Hom om 'n opdrag te gaan uitvoer nie, Hy nooi jou eintlik saam met Hom om dissipels te gaan maak. Hy belowe: *Ek is met julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.*

Hoe is Jesus by ons teenwoordig? Deur sy Gees! Sy teenwoordigheid deur die Heilige Gees is baie beter as sy aardse teenwoordigheid, want in sy menslike liggaam kon Jesus op net een plek op 'n slag teenwoordig wees. Maar deur sy Gees wat Hy aan ons gegee het, is Hy volledig IN ELKEEN van sy kinders teenwoordig. Ook in jóú, Teofilus. Daarom sê Jesus dat dit tot my en jou voordeel is dat Hy weggegaan het en die Gees in sy plek gestuur het (Johannes 16:7-8 en ook 14:15-17).

*Here Jesus, ons aanbid U omdat alle mag in die hemel en op die aarde aan U behoort. Dankie dat U ons nie van U af wegstuur om dissipels te gaan maak nie, maar dat U ons nooi om saam met U te gaan om dit te doen. Vader, ek vra in die Naam van Jesus, beklee met sy geregtigheid, gevul met sy Gees - gee asseblief dat Teofilus deur Jesus se absolute mag en permanente teenwoordigheid gemotiveer sal word om die Groot Opdrag uit te voer. Amen*



## Brief 9

### Die Woord én die Gees

Teofilus

In my vorige brief het ek jou daaraan herinner dat ALLE mag en gesag aan Jesus behoort en dat Hy deur sy Gees permanent by jou is terwyl jy besig is om dissipels te maak.

Nou wil ek met jou praat oor *hoe* om dissipels te maak. Kom ons leer by Jesus. Hy het nie dissipels gemaak deur net vir mense te preek nie. Hy het oor 'n verskeidenheid vermoëns beskik en Hy het dit alles gebruik in die proses om dissipels te maak: Hy het geleer, genees, duiwels uitgedryf en wonderwerke gedoen. Hy het die wysheid gehad om te weet wat in mense se verlede gebeur het en wat in hul harte aangaan. Hy het profesieë uitgespreek oor wat in die toekoms gaan gebeur. Hy het onderskei watter gees in iemand is. Hy het insig gehad om die regte antwoord te gee voordat iemand nog die vraag kon vra. Wanneer Jesus my en jou nou saam met Hom nooi om dissipels te gaan maak, gaan Hy dit beslis steeds op dieselfde manier doen.

Jesus is op hierdie oomblik by jou teenwoordig deur sy Heilige Gees. Die Gees manifesteer nou in almal wat in Jesus glo (1 Korintiërs 12:7 – Nuwe Lewende Vertaling). Hy gee aan elke dissipel van Jesus, ook aan jou, gawes. Dié gawes (wat jy nie verdien deur jou vroomheid nie, vgl. Handeling 3:12) is méér as jou natuurlike vermoëns. Dit is Jesus se vermoëns wat deur die Gees van Jesus aan jou gegee word, om te doen wat Jesus gedoen het (Johannes 14:12-14).

Dit is duidelik dat Jesus nie wil hê ons moet probeer om dissipels te maak deur nét met mense te praat nie. Wanneer Hy in Matteus 10 sy dissipels uitstuur, gee Hy hulle nie net 'n preek of boodskap in die hand nie. Hy gee ook aan hulle mag en gesag en bonatuurlike vermoëns (Matteus 10:1 en 7-8, asook Markus 16:15-20).

Ek wil hê jy moet sien dat die gawes van die Gees waarvan ons in Korintiërs 12:4-13 en 12:28 lees, dieselfde vermoëns is as wat Jesus



gebruik het om dissipels te maak. Deur sy Gees is Jesus nou by my en jou. Deur sy Gees gee Hy dié gawes nou aan my en jou om voort te gaan met die maak van dissipels.

Teofilus, luister mooi. As Jesus gedink het ek en jy het nét kennis van Hom nodig om dissipels te gaan maak, waarom het Hy dan vir sy dissipels gesê om in Jerusalem te wag totdat hulle met die Heilige Gees gedoop is (Handelinge 1:4-5)? Hulle was immers reeds drie jaar in sy “Bybelskool” en het gehoor en gesien hoe Hy dissipels maak. As Jesus gedink het die dissipels het nét die Heilige Gees nodig om dissipels te gaan maak, sonder om kennis van Hom en die Skrifte te hê, waarom het Hy vir drie jaar soveel moeite gedoen om hulle te leer en te onderrig? **Dit is duidelik dat Jesus oortuig was dat beide kennis van God se Woord én die doping (vervulling) met die Heilige Gees nodig is om sy dissipels toe te rus om dissipels te gaan maak.**

Teofilus, omdat ons (en ek bely ek is ook skuldig) al die klem nét op kennis laat val het, is jy dalk oortuig dat net geleerde mense - predikante, pastore en sendelinge - dissipels kan maak. Al het ek dit nooit in soveel woorde gesê nie, het ek tog die indruk geskep dat iemand soos James wat by jou werk, omdat hy ongeletterd is, nie in staat is om dissipels te maak nie. Ek is jammer, dis ’n leuen! James hoef nie geletterd te wees om die gawe van genesing te ontvang, óf ’n openbaring van God te kry, óf om in tale te bid nie. Omdat Jesus deur sy Gees in hom woon, is James ook volledig toegerus om as deel van die liggaam van Christus uit te gaan en dissipels te maak.

Geleerdheid is nie ’n voorvereiste om dissipels te maak nie (Handelinge 4:13). Geleerde én ongeletterde mense; oumense én kinders; mans én vroue; werkgewers én werknemers; dié wat ’n amp in die kerk beklee én die wat dit nie beklee nie, almal kan, wanneer die Heilige Gees oor hulle kom (Handelinge 1:8), dissipels maak. Daarom kan jy ook! Doen dit met die Woord én met die gawes wat die Gees aan jou gee. Jy hoef nie alles alleen te doen nie. Jy is deel van die liggaam van Christus. Doen dit saam met Hom en saam met medegelowiges.



*Here Jesus, laat Teofilus asseblief glo dat U ook aan hom dieselfde mag en gawes van die Gees gegee het om dissipels te maak, as wat U aan u dissipels gegee het. Ek herinner U aan Hebreërs 2:4 en vra dat, wanneer Teofilus mense van U leer, U asseblief sy boodskap verder sal bevestig deur tekens, wonderwerke en allerhande kragtige dade. Wil U ook u Heilige Gees oor dié mense laat kom. Amen*

## **Brief 10**

### **Laat jou vriende uit ervaring leer**

Teofilus

Ek kan nie vir jou sê hoe dankbaar ek is dat jy reeds begin het om 'n pad van dissipelskap met 'n paar van jou vriende te stap nie. Dis hoe dissipels groei: Ek stap saam met jou en jy stap weer saam met jou vriende. Daar is ook weer ander dissipels van Jesus wat die pad saam met my loop. Ek het dus 'n Paulus (iemand wat my dissipel) en 'n Timoteus (iemand wat ek dissipel). Jy het 'n Paulus (omdat ek jou dissipel) en 'n Timoteus (omdat jy jou vriende dissipel). Jy moet hulle sommer reg van die begin af leer om weer vir hulle Timoteusse te kry vir wie hulle dissipels kan maak.

Omdat jy nou besig is om jou vriende te dissipel, gaan jy baie vinnig leer en groei. Jy gaan leer omdat jy graag antwoorde aan jou vriende wil gee. Jy is dus welkom om vrae te vra. Dis nie vir my 'n las om jou te antwoord nie, want een van die dae gaan jou vriende dieselfde vrae aan jou begin vra.

Ek het jou SMS gelees oor jou vriende wat voel die oorgee-ding is 'n waagstuk. 'n Tyd gelede het 'n paar jongmense ook vir my gesê hulle kan dit nie waag om hulleself aan die Here oor te gee nie. Om aan God oor te gee, was vir hulle net so vreesaanjaend as om jouself aan die polisie oor te gee nadat jy moord gepleeg het. Hulle was bang God



gaan hulle terugkry vir al hulle sonde en die lewe vir hulle hel maak as hulle hulself aan Hom oorgee.

Ek het 'n aktiwiteit met hulle gedoen en dit toe met hulle bespreek:

*Ek het een van hulle (kom ons noem hom Surrender) wat gewillig was, maar wat nie te swaar was nie, aan 'n plank, wat effens langer as hy is, vasgebind. Ek het Surrender van sy skouers tot by sy voete met 'n lekker sterk tou teen die plank vasgedraai sodat hy glad nie kon beweeg nie. Daarna het ek twee groter en sterker manne geroep om my te kom help. Helper 1 moes Surrender (wat op geen manier sy val kon keer nie en dus noodgedwonge moes oorgee) agteroor stamp. Helper 2 moes hom dan vang net voor hy die grond tref. Daarna het Helper 2 Surrender opgelig en vooroor gegooi en Helper 1 moes hom vang net voordat sy gesig die grond tref. Surrender was magteloos om sy val te keer. Hy was volledig uitgelewer aan my twee helpers. Die gooiery is twee of drie keer herhaal.*

Ek wens jy kon Surrender se gesig sien. Hy was vreesbevange. Die “sê-nou-net-spook” het hom gery!

Na die gevaarlike oorgee-speletjie het ek die volgende vrae met die jongmense bespreek. Miskien kan jy die aktiwiteit ook met jou vriende doen en dan die vrae met hulle bespreek. Op die manier kan hulle self die antwoord op hulle vraag ontdek.

1. Hoe het Surrender gevoel om só uitgelewer te wees aan die twee helpers? Waarom?

.....

2. Wat sou Surrender se reaksie wees as die twee groot sterk helpers vervang is met twee tingerige klein meisietjies wat hom lief het?

.....

3. Wat sou Surrender se reaksie wees as die twee helpers vervang is met twee onverantwoordelike jongmanne wat gedurig op ander poetse bak? Twee manne wat dikwels te ver gaan met hulle stoutigheid? Waarom?



.....

4. Wat sou Surrender se reaksie wees as julle twee wildvreemde mense van die straat af geroep het om te kom help? Waarom?

.....

5. Aan watter tipe helpers sou Surrender die gewilligste wees om oor te gee?

.....

Dit is duidelik dat Surrender dit net kan waag om homself oor te gee aan iemand wat oor **'n kombinasie van sekere eienskappe** beskik. Dit sal 'n waagstuk wees as die helpers sterk, maar onbetroubaar is. Dit sal ook 'n waagstuk wees as hulle hom lief het, maar nie die fisiese krag het om hom te vang nie. Dit sou ook 'n waagstuk vir Surrender wees as die helpers iets teen hom gehad het. Sê nou net hulle besluit om die geleentheid uit te buit om hom terug te betaal.

Baie mense het hulle eie siening oor wie God is. Hulle siening is dikwels verkeerd. Daarom is *oorgee* vir hulle een groot waagstuk – iets waarvoor hulle regtig nie kans sien nie.

Teofilus, ek wil hê jy en jou vriende moet weet dat God oor die **regte kombinasie van eienskappe** beskik om te verseker dat dit nie 'n waagstuk is om julle aan Hom oor te gee nie. Julle kan dit weet op grond van wat Hy oor Homself in sy Woord, die Bybel, sê. Daaroor skryf ek volgende keer.

*Here Jesus, baie dankie dat Teofilus nou aan U gehoorsaam is. Dankie dat U deur u Gees by hom is. Laat hy U elke dag beter leer ken en laat hy groei in sy vrymoedigheid om met sy vriende oor U te praat. Oortuig hulle dat dit nie 'n waagstuk is om hulle aan U oor te gee nie. Amen*





# Brief 11

## Wow! Aan só 'n God wil ek OORGEES

Teofilus

Wanneer jy jou Bybel lees sal jy sien dat God oor die regte kombinasie van eienskappe beskik wat dit vir jou (en jou vriende) veilig en baie aantreklik behoort te maak om jouself aan Hom oor te gee. Ek wil jou aandag spesifiek op vyf van sy wonderlike eienskappe vestig:

### **God is Liefde:**

Ek en jy het soms lief, maar God is altyd liefde. Dis sy wese. Hy kan niks anders en niks minder wees nie. Hy het jou geskep met die doel om sy liefde aan jou te bewys. Daarom het Hy 'n intense begeerte om in 'n intieme liefdesverhouding met jou te wees. Ten spyte van jou sonde, het God liefde gebly. Hy het jou al liefgehad toe jy as sondaar nog in opstand teen Hom was (Romeine 5:8-10)! Omdat God liefde is, stel Hy jou belange altyd eerste. Dit het Hy bewys deur Jesus te stuur om jou sonde weg te neem (1 Johannes 4:9-10). Omdat God liefde is, is jy baie veilig wanneer jy aan Hom *oorgee*.

### **God is Heilig:**

God het nie 'n donker- of skadukant nie (1 Johannes 1:5). God het nog nooit gelieg nie (Numeri 23:19). Hy was nog nooit ontrou nie (Psalm 119:75). Hy was nog nooit liefdeloos of onregverdig nie (Psalm 89:15). Hy was nog nooit genadeloos nie (Johannes 1:14 en 16, asook Psalm 103:8). Hy het nog nooit enige iets gedoen wat jy as verkeerd of sonde sou kon beskryf nie (Johannes 8:46). Dit is hierdie één eienskap van God wat die vier lewende wesens dag en nag in verwondering laat uitroep: *Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige* (Openbaring 4:8). Omdat God heilig is, is daar geen risiko daaraan verbonde om jouself aan Hom *oor te gee* nie.

### **God is Regverdig:**

Sonde het skeiding tussen jou en God gebring. Maar God kon hierdie skeiding nie aanvaar nie. Daarvoor het Hy jou te lief. Hy kon egter ook



nie jou sonde aanvaar nie. Hy is immers heilig en regverdig (Psalm 92:16, asook Psalm 145:7 en 17). Daarom het Hy sy Seun gestuur om versoening tussen jou en Hom te bring en so die skeiding ongedaan gemaak. In sy Seun het God self die straf op jou sonde gedra. Daarom eis God se regverdigheid nou nie meer dat jy gestraf word nie. Sy regverdigheid eis dat jy, omdat jy in Jesus glo, vrygespreek sal word (Romeine 3:26). Omdat jy in Jesus glo, is God nooit lus om jou te straf nie (Jesaja 54:9), want daar is niks meer in sy hart wat om vergelding roep nie. Inteendeel, Hy is opgewonde en bly oor jou (Sefanja 3:17). Omdat God regverdig is, word jy vrygespreek wanneer jy jou aan Hom *oorgee*.

### **God is Skepper:**

God het deur sy Woord alles uit niks geskape (Genesis 1:1; Johannes 1:1-3; Hebreërs 11:3). Hy is dus die heel beste in staat (gekwalifiseer) om jou raad te gee, te beskerm en in al jou behoeftes te voorsien. Niks is vir Hom onmoontlik nie (Jeremia 32:17 en 27). Omdat God die Almagtige Skepper is, is jy op 'n veilige plek wanneer jy aan Hom *oorgee*.

### **God is Goed:**

Op baie plekke in die Bybel word God se goedheid besing! Psalm 145:8-9 is een daarvan: *Genadig en barmhartig is die HERE, stadig om kwaad te word, en ryk in liefde. Die HERE is goed vir almal, en barmhartig oor sy hele skepping.* Omdat God goed is, is jy op 'n goeie plek wanneer jy jou aan Hom *oorgee*.

Al verstaan jy nie altyd wat God doen nie (Jesaja 55:8-9), kan jy altyd 100% seker wees van sy karakter en sy eienskappe. **GOD IS ALTYD AL SY EIENSKAPPE!** Daarom kan jy altyd en in alle omstandighede jouself aan Hom *oorgee*. Dis nie 'n risiko nie. Dis 'n wyse besluit. Sê vir jou vriende daar is net een van twee moontlikhede:

1. **Lees Efesiërs 2:1-3.** Aan wie is almal van nature *oorgegee*?  
(Noem drie.)

.....



2. **Lees Romeine 12:1-2.** Aan wie behoort ons *oor te gee* op grond van wat Hý gedoen het?

.....

Almal wat nie aan God *oorgegee* is nie, is outomaties uitgelewer aan die sondige wêreld, die bese magte in die lug en aan hulle eie sondige begeertes. Die vraag is dus nie óf jy en jou vriende bereid is om oor te gee nie, die vraag is: Aan wie wil julle oorgegee wees? Wil jy *oorgee* aan die almagtige en liefdevolle God van die Bybel, of wil jy uitgelewer wees aan die vader van die leuen, die een wat van die begin af 'n mensemoordenaar is (Johannes 8:44)?

*Oorgee* is net 'n waagstuk as jy al die stories glo wat die vader van die leuen, dit is die duiwel (Johannes 8:44), oor God versprei. As jy glo wat God oor Homself in die Bybel sê, word *oorgee* 'n begeerte in jou hart. Dan is dit iets wat jy wil doen omdat dit soveel sin maak!

*Here God, ek aanbid U omdat U is wie U sê U is. Dankie dat U nie soos mense net 'n paar eienskappe het nie, maar dat U al u eienskappe is. Mag Teofilus en sy vriende kies om hulle volkome aan U oor te gee. Amen*

## Brief 12

### Gee net om

Teofilus

Dis jammer dat twee van jou vriende nou skielik so 'n bietjie wegstaan. Klink my hulle is nog nie gereed om Jesus as dissipels te volg nie. Moet hulle nie tot oorgawe probeer dwing nie. As jy dit doen, gaan jy later baie met hulle sukkel omdat hulle hart nie regtig verander het nie. Moet ook nie nou jou rug op hulle draai en hulle ignoreer nie. Jy weet dat jy self vir jare tevrede was om net af en toe kerk toe te gaan sonder om *oor te gee, om te gee of aan te gee*. Behandel dié twee met soveel



liefde dat hulle al hoe meer ontvanklik vir die Woord sal word. Daar is 'n gesegde wat baie waar is: *Nobody cares how much you know until they know how much you care.* Nie jou nuwe kennis nie, maar jou *omgee* gaan hulle raak.

Natuurlik moet jy in die eerste plek *omgee* vir medegelowiges, maar jou *omgee* mag nooit tot medegelowiges beperk wees nie (Lees Levitikus 19:33-34, asook Galasiërs 6:9-10 en 2 Petrus 1:5-7). Trouens, in sy Woord leer die Here ons om selfs ons vyande lief te hê en prakties om te gee vir almal wat ons beledig en sleg behandel (Eksodus 23:4-5; Spreuke 25:21-22; Lukas 6:27-36 en Romeine 12:20-21).

Wanneer Jesus se dissipels regtig vir mense *omgee*, is die kans net soveel groter dat dié mense hul lewe aan Jesus sal *oorgee*. Hulle beleef dat Jesus vir hulle *omgee* omdat sy dissipels vir hulle *omgee*. Dit maak *oorgee* vir hulle soveel makliker.

Onthou dat Jesus nie net *omgee* het vir mense se geestelike nood nie. Wanneer hulle honger was, het Hy hulle gevoed. Wanneer hulle siek was, het Hy hulle genees. Wanneer hulle gebind was, het Hy hulle bevry. Wanneer hulle onkundig was, het Hy hulle geleer. Wanneer hulle hartseer was, het Hy hulle getroos. Wanneer hulle in 'n praktiese verleentheid was, het Hy voorsien (vgl. Johannes 2:1-12). Hy het ook sy dissipels geleer om by die praktiese nood en behoeftes van mense uit te kom (Matteus 25:31-46 en Jesaja 58:6-10).

Jesus was dié omgee-Mens. Daarom verwag Hy van jou as sy dissipel om ook 'n omgee-mens te wees. Hou dus aan om vir julle vriende om te gee. As hulle die egtheid van julle *omgee* ervaar, sal hulle later wel bereid wees om by julle te leer wat dissipelskap beteken.

*Here, leer asseblief vir Teofilus hoe hy prakties vir sy vriende moet omgee totdat u Gees hulle ook gereed gemaak het om aan U oor te gee. Maak hom geduldig en vul elke dag opnuut sy hart met opregte*



*liefde vir sy vriende. Gee ook aan hom die wysheid om steeds die regte goed op die regte tyd vir hulle te sê. Amen*

## **Brief 13**

### **Mekaar!**

Teofilus

Hoe gaan dit met julle *omgee* vir dié mense wat steeds dink dis 'n waagstuk om aan Jesus oor te gee? Onthou, julle moenie net vir hulle omgee nie, maar ook vir mekaar.

Dissipels van Jesus het 'n baie groot verantwoordelikheid teenoor mekaar. Die woordjie mekaar kom dikwels in die Nuwe Testament voor. Dissipels het die opdrag om alle mense, maar veral mede-gelowiges, lief te hê. Hulle liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, aldus 1 Johannes 3:16-18. Daarom moet gelowiges vir mekaar bid en mekaar se laste dra. Hulle moet mekaar aanvaar, hartlik groet, help, troos, versorg, vermaan, bemoedig en vergewe. Die Woord is vol daarvan. Hier is 'n paar voorbeelde. Lees dit en skryf die mekaar-opdragte in elke teks neer:

**2 Korintiërs 1:3-5** .....

**Efesiërs 4:32 en 5:21** .....

**Kolossense 3:16**.....

Teofilus, hierdie is nie goed om net oor te praat nie. Dis dinge wat gedóén moet word. Dis al die verskillende maniere waarop liefde en *omgee* sigbaar moet word. *Omgee* is 'n werkwoord, daarom moet dit gedoen word. Hoe, vra jy? Deur 'n vriendelike glimlag; 'n bietjie aanmoediging; 'n gebed of die aanbied van 'n warm bed; die uitspreek van vergifnis of die afskryf van skuld; die gee van 'n lemoen of 'n snytjie brood; die oplossing vir 'n probleem; 'n paar rand in die hand of die



omruil van 'n band. Die Here is mos met jou wanneer jy dissipels maak. Vra Hom om vir jou te sê hoe jy elke dag en in elke situasie kan wys dat jy *omgee*.

Teofilus, as jy sukkel om die mekaar-opdragte in die Woord te gehoorsaam, is dit nie net 'n *omgee*-probleem nie, maar ook 'n *oorgee*-probleem. Om vir ander *om te gee*, móét jy jou ou sondige mens met al sy selfsugtige begeertes *oorgee* om saam met Christus aan die kruis te sterf. Dis die boodskap van Filippense 2:3-8.

*Here, U is mos by Teofilus terwyl hy dissipels maak. Daarom vra ek dat U vir hom en sy vriende sal wys hoe om vir mekaar om te gee en die mekaar-opdragte in u Woord prakties uit te voer. Maak hulle tot seën vir mekaar sowel as vir ander gelowiges. Amen*

## **Brief 14** **“Accountable friends”**

Teofilus

Een van die beste maniere hoe julle as dissipels vir mekaar kan *omgee*, is om mekaar aanspreeklik (*accountable*) te hou. Dis 'n praktiese manier om mekaar te help om in alles aan die Here gehoorsaam te bly en nie in sonde verstrik te raak nie.

**Een van die fondasies waarop ons geloof gebou is, is dat Jesus Christus die HERE is. Dit beteken dat ons Hom móét gehoorsaam.** As jy en jou vriende dit glo, en dóén wat Jesus die Here sê, sal die aanslae van die bose en die storms van die lewe julle nie onderkry nie. Die grootste enkele oorsaak van probleme in die kerk en chaos in mense se lewe is omdat hierdie fondasie nooit in hulle lewe gelê is nie.

**Lees Handeling 2:36.** Wie is Jesus? .....



**Lees Lukas 6:46-49.** Wat moet mense doen wat Jesus **Here** noem?

.....

Watter voordeel hou gehoorsaamheid aan die Here vir 'n dissipel in?

.....

Daarom moet julle mekaar voortdurend help om gehoorsaam te wees en te bly. Ek herhaal: die beste manier om dit te doen, is deur mekaar “*accountable*” te hou. Dis om gereeld van mekaar rekenskap te eis en aan mekaar verslag te doen.

Teofilus, onthou jy die vrae wat jy reg aan die begin vir my gevra het? Dit was baie goeie vrae, maar ek kon dit teoreties antwoord. 'n Nog belangriker vraag is of ek so leef? Jy sien, dis die taak van “*accountable*”vriende: **Hulle vra gedurig aan mekaar spesifieke (en soms lastige) vrae om seker te maak dat een van hulle nie die duiwel vatkans gee nie.** Hulle sal byvoorbeeld vra: Is daar enige pornografie op jou selfoon of rekenaar? Is jy steeds daartoe verbind om nie seks voor jou huwelik te hê nie? Hoe gaan dit met jou huwelik? Is jy absoluut eerlik in jou besigheid? Geniet die Here ook die grappe wat jy vertel? Hou jy nog gereeld stiltetyd? Het jy almal wat jou kwaad aangedoen het vergewe, of is daar bitterheid in jou hart? Ensovoorts.

Teofilus, ek weet jy het nie die vrymoedigheid om enige van dié vrae aan my te vra nie. **Daarom moet ek aan jou die reg gee en jou aanmoedig om sulke vrae vir my te vra.** Wanneer ek jou die reg gee, groei ek reeds in my “commitment” om aan die Here gehoorsaam te wees, selfs voor jy my enige vraag vra. Wanneer jy my dié vrae vra, sal ek nie dink jy is arrogant nie. Inteendeel, dit sal my oortuig dat jy werklik vir my *omgee*. Deur rekenskap van my te eis, verseker jy dat sondige gedagtes en begeertes in my hart uitgeroei word vóórdit dit vrug dra. Jy moet ook aan jou vriende die reg gee om sulke vrae aan jou te vra, anders sal hulle dit nie doen nie. As jy hulle die reg gee, sal hulle jou ook die reg gee!





**Lees Jakobus 1:13-15.** Wat is die proses wat gekeer moet word?

.....

Watter vrae moet julle op grond van die volgende Skrifgedeeltes aan mekaar vra om mekaar “*accountable*” te hou om gehoorsaam te wees?

**Lees Efesiërs 5:1-5** .....

.....

**Lees Hebreërs 13:4-5** .....

.....

*Here, ek dank U vir vriende wat gedurig seker maak dat ek U gehoorsaam en nie die duiwel vatkans gee nie. Ek bid dat Teofilus en sy mede-dissipels werklik vir mekaar sal omgee deur mekaar “accountable” te hou om rein, heilig en gehoorsaam te lewe. Amen*

## **Brief 15**

### **Nuwe eienaarskap – nuwe seggenskap!**

Teofilus

Onthou jy nog wat gebeur het toe ons Hopola gekoop het. Jy het mos destyds by ons gekuier. Ons het nie net eienaarskap van die verwaarloosde plaas oorgeneem nie, maar ook die beheer en bestuur daarvan. Daarsonder sou die plaas vandag nog in 'n ellendige toestand gewees het. Nadat die koop afgehandel is, was dit ons reg om as nuwe eienaars, te besluit wie voortaan die plaas sal bestuur. Die vorige eienaar het geen seggenskap meer in dié saak gehad nie. Die nuwe bestuur was verantwoordelik om die nuwe eienaarskap sigbaar te maak.



Dissipelskap het ook alles met *eienaarskap* te make, asook met *seggenskap*, met *beheer en bestuur*. Kom ek verduidelik. Maak seker dat hulle wat jy dissipel, dít verstaan.

Efesiërs 2:1-3 beskryf die tyd voor my bekering. Toe het ek gedink ek is my eie baas, min wetende dat ek 'n slaaf is wat oorheers word deur die bose wêreld, bose geeste en my eie sondige begeertes. Geen mens was nog ooit sy eie baas nie.

*Maar God se onverdiende liefde is oorvloedig* sê Paulus in Efesiërs 2:4. Dan beskryf hy in vers 4 en verder die tyd nadat God genadiglik ingegryp het. Elke mens bly 'n slaaf van die duiwel, die wêreld en sy eie sondige natuur totdat hy gekoop word. Losgekoop teen 'n enorme prys!

**Lees 1 Petrus 1:18-19** en skryf neer teen watter prys jy gekoop is!

.....

**Lees 1 Korintiërs 6:19-20** om te sien wat die gevolg van hierdie kooptransaksie is. Aan wie behoort jy nie meer nie? Wie woon nou in jou?

.....

**Lees Galasiërs 5:25** om te sien Wie God in beheer en bestuur geplaas het nadat Hy eienaarskap oorgeneem het. Dis die taak van dié nuwe Bestuur om dit vir almal duidelik te maak dat jy nou 'n nuwe Eienaar het.

.....

In teenstelling met 'n spaarwiel wat, soos 'n passasier, net saamry sonder om enige invloed op die voertuig uit te oefen, **beïnvloed die Stuurwiel die hele voertuig die hele tyd**. Die hele voertuig is *oorgegee en uitgelewer* aan die stuurwiel. Dit gaan waarheen die stuurwiel dit stuur. Net so is die Heilige Gees nie 'n passasier wat maar net saamry in ons lewe nie. Hy is in beheer geplaas van die eiendom wat deur Christus gekoop is om dit op 'n nuwe en doeltreffende manier te bestuur. Christus het sy Gees gestuur om in ons te woon en die



stuurwiel van ons lewe te wees. Hy wil en moet jou hele lewe beheer en bestuur. Jy moet die seggenskap oor jou lewe aan Hom *oorgee!* (He's the **President** of your life, not only a **Resident** in your life!)

**Nuwe eienaarskap van jou lewe beteken ook nuwe seggenskap oor jou lewe.** Dissipels se lewe staan onder nuwe Bestuur, daarom is daar net een ding wat hulle met die ou bestuur (die duiwel, die wêreld en jou eie sondige begeertes) kan doen: Dank die ou bestuur af! Steek hulle in die pad! Weier hulle seggenskap en invloed! Ignoreer hulle aanbevelings! Hulle het geen sê meer nie, hulle lieg as hulle beweer dat hulle dit steeds het.

**Nuwe eienaarskap van jou lewe beteken ook nuwe seggenskap oor jou lewe.** Gee die beheer en bestuur van jou lewe volkome aan die Gees van Christus oor sodat Hy deur sy Bestuur dit al hoe duideliker kan maak dat jy die eiendom van Christus is.

*Oorgee, omgee en aangee* is die kenmerk van Jesus se dissipels! Daarom wil ek jou weereens herinner: *Oorgee* beteken om te aanvaar dat jy 'n nuwe Eienaar het én om gewillig te wees om jou hele lewe onder sy beheer en bestuur te plaas.

*Here, laat Teofilus nie net bly wees omdat U sy Eienaar is nie. Maak hom elke dag meer en meer gewillig om ook die seggenskap van die Gees in sy lewe te aanvaar. Laat hy altyd aan U oorgegee wees en U in alles gehoorsaam. Amen*

## Brief 16

### Leer hulle om gehoorsaam te wees

Teofilus

Jy is heeltemal reg: Jy moet ook jou kinders dissipels maak, hulle is nie te klein nie. Trouens, hoe gouer jy die regte fondasie in hulle lewe lê,



hoe beter. Soos reeds in 'n vorige brief gesê, is **een van die fondasies waarop ons geloof gebou is, dat Jesus Christus die HERE is. Dit beteken dat Hy gehoorsaam móét word.** As jy hierdie fondasie in jou kinders se lewe lê, beteken dit nie dat hulle lewe sonder storms sal wees nie, maar wel dat hulle, ten spyte van die storms, staande sal bly.

Om jou kinders te leer om **on**gehoorsaam te wees, is baie maklik: Sê één ding en doen 'n ánder ding. Kom ek verduidelik: As jy vir jou kinders sê hulle mag nie vloek nie, maar jyself los dikwels 'n paar knope, wat leer jy jou kinders? Leer jy hulle om te vloek? Ja, maar jy leer hulle ook iets veel gevaarliker as vloek. Jy leer hulle **on**gehoorsaamheid. Jy leer hulle om hulle nie aan jou reëls en opdragte te steur nie. As jy vir jou kinders sê hulle moenie jaag nie, terwyl jy jou nie aan die spoedgrens steur nie, leer jy hulle weereens om **on**gehoorsaam aan padreëls te wees. Ongehoorsaamheid is dodelik, maar ook uiters aansteeklik. As iemand eers met ongehoorsaamheid geïnfekteer is, besmet dit sy of haar hele lewe. Gou-gou word gesag en reëls nêrens meer aanvaar nie. Ook die gesag van Christus en sy Woord word geïgnoreer. Om iemand te leer om ongehoorsaam te wees, is veel makliker as wat jy gedink het: Sê net één ding en doen 'n ánder ding.

Jesus se opdrag aan sy dissipels, en daarom ook aan my en jou, is om mense gehoorsaamheid te leer. As ek en jy nie moeite doen om mense gehoorsaamheid te leer nie, dan maak ons nie dissipels nie. **Lees Matteus 28:18-20** en skryf die opdrag in vers 20 hier neer:

.....

Jy kan mense slegs leer om in alles (24/7 = 24 uur van elke dag, 7 dae van elke week) aan Jesus gehoorsaam te wees as jy self in alles aan Hom gehoorsaam is. As jy vir mense sê wat Jesus sê, maar jy dóén nié wat Jesus sê nie, leer jy mense om **on**gehoorsaam te wees. Jy sê eintlik: *As jy lus is om te doen wat Jesus gesê het, is dit goed. As jy nie lus is nie, maak dit nie saak nie. Doen dan maar wat jy wil. Dit sal "OK" wees met Hom. Hy is genadig en sal jou vergewe.*



Teofilus, hierdie ingesteldheid is gevaarlik en dodelik. Dis om te weier om jou *oor te gee* aan Jesus en om onder sy gesag te staan. Dis presies die teenoorgestelde as *oorgee*. Daarom pleit ek by jou, wees gehoorsaam sodat jy jou kinders en vriende kan leer om ook gehoorsaam te wees.

*Here, maak my en Teofilus 24/7-gehoorsaam aan U. Gee asseblief ook aan ons die genade om ons kinders, en al ú kinders, te leer om alles te onderhou wat U ons beveel het. Amen*

## **Brief 17**

### **Laat liefde jou motiveer**

Teofilus

Ek herinner jou vandag aan die betekenis van jou naam: iemand wat God lief het! Dít moet jou gehoorsaamheid motiveer, en dít alleen!

Ek lê baie klem daarop dat dissipels van Jesus aan Hom gehoorsaam moet wees, maar moet asseblief nie die indruk kry dat ek jou en jou vriende weer in 'n wettiese godsdiens (waarvan Christus julle bevry het) wil indwing nie. Ek herinner jou aan dit waaraan Paulus die Filippense in hoofstuk 3:9 herinner het: *Ek probeer nie langer my saak met God regstel deur die wet te gehoorsaam nie, maar deur in Christus te glo. Deur die geloof stel God ons saak met Hom reg.* (Lees ook Romeine 3:21-28 en Galasiërs 2:15-21.)

Moenie die Here gehoorsaam omdat jy jou verlossing probeer verdien met die nakoming van 'n klomp reëls nie. Moenie die Here gehoorsaam omdat jy vir Hom en vir straf bang is nie. Gee jou aan Hom oor en gehoorsaam Hom omdat jy Hom liefhet. 'n Bruid gee haar tog nie volkome oor aan haar bruidegom omdat sy hom vrees of omdat sy 'n lewe saam met hom probeer verdien nie. Haar volkome oorgawe word



enkel en alleen gemotiveer deur haar hartstogtelike liefde vir haar bruidegom.

Luister wat sê Jesus, waarom moet ons Hom gehoorsaam?

**Lees Lukas 6:46**

.....

**Lees Johannes 14:15 en 21**

.....

**Lees 1 Johannes 5:3**

.....

Waarom het Jesus sy Vader gehoorsaam? **Lees Johannes 14:31**

.....

Is gehoorsaamheid regtig só belangrik? **Lees Matteus 7:21-23**

.....

Oorgee word sigbaar in gehoorsaamheid en gehoorsaamheid is die gevolg van ons hartstogtelike liefde vir Jesus, ons HERE én ons Verlosser. Ongehoorsaamheid is die bewys van liefdeloosheid en dit trek 'n streep deur *oorgee* en daarom deur dissipelskap. Onthou: *Oorgee, omgee en aangee* is die kenmerk van Jesus se dissipels!

*O Heilige Gees, stort daaglik die liefde van God in die lewe van al Jesus se dissipels uit, sodat ons Hom, ons Bruidegom, hartstogtelik kan liefhê. Dit is u werk volgens Romeine 5:6. Doen dit asseblief sodat ons aan Hom gehoorsaam wil wees. Amen*



## Brief 18

### Dissipels is draers van goeie nuus

Teofilus

In 'n sekere oorlog het soldate verwoed geveg in 'n poging om te bly lewe. Toe hulle sien hulle gaan dit nie maak nie, het hulle een van twee keuses gehad: Óf hulle kon aanhou veg tot die dood toe, in die hoop dat iemand darem sal dink hulle het dapper gesterf, óf hulle kon oorgee. Dit sou beteken hulle erken dat hulle niks meer kan doen om te bly lewe nie. Toe het iemand die goeie nuus gehoor dat dié bevelvoerder waarteen hulle veg 'n baie genadige man is. Daarom het die soldate wat besig was om die geveg te verloor, besluit om nie langer vir die behoud van hulle lewe te veg nie, maar om oor te gee, in die geloof en verwagting dat dié bevelvoerder hulle genadig sal wees en laat lewe. En hy het!

Teofilus, die woord *evangelie* beteken *goeie nuus* of *goeie boodskap*. Daarom praat ons van die vier Evangelies en van die Evangelie van Jesus Christus. Die engele het al by Jesus se geboorte gesê dat sy koms goeie nuus is waaroor ons baie bly kan wees (Lukas 2:8-11).

Wat is die goeie nuus? Of laat ek eers vra: *Wat sou nie goeie nuus wees nie?* Dit sou inderdaad slegte nuus wees as ons, ten spyte daarvan dat ons sien ons kry dit nie reg nie, gehoor het dat ons moet aanhou probeer om ons self te verlos.

Uit 'n vorige brief is dit duidelik dat die goeie nuus van die evangelie juis is dat niemand meer hulle verlossing deur goeie werke hoef te probeer verdien nie. Hoekom nie? Omdat Christus ons reeds deur sy offer aan die kruis vir altyd volkome verlos en aan God toegewy het (Hebreërs 10:10 en 14).

Dis onmoontlik om ons self te red. As dit moontlik was om deur goeie werke ons eie verlossing te verdien, sou God tog nie vir Jesus gestuur het nie. Hoekom só 'n duur prys betaal vir iets wat mense vir hulle self





kan doen? Dan sou Jesus ook nie gesê het dat Hy die weg en die waarheid en die lewe is, en dat niemand na die Vader kan kom behalwe deur Hom nie. Lees Galasiërs 2:15-21 en maak seker jy merk vers 16 en 21. Merk ook Johannes 14:6 in jou Bybel.

Die goeie nuus wat jy moet gaan *aangee*, is dat mense maar kan *oorgee*! Die goeie nuus is dit: God verklaar almal regverdig wat in Jesus Christus glo en ophou probeer om hulle self te red (Romeine 3:26). Hy spreek almal vry wat glo (Romeine 3:27-28)! Hy het Jesus in ons plek as sondaar behandel sodat Hy ons kan vrysprek (2 Korintiërs 5:21).

Wanneer jy dus dissipels maak en die goeie nuus *aangee*, is die heel belangrikste wat jy 'n nuwe dissipel moet leer, dit: Staak al jou pogings om jou self te probeer verlos deur goeie werke te doen. Gee dít oor! Die oortuiging dat verlossing verdien moet word, is slegte nuus. Dit kom van die duiwel. Die goeie nuus van die evangelie is presies die teenoor-gestelde. Jy verdien nie die lewe nie, maar kry dit op grond van die genade van God.

**Lees Efesiërs 2:8-10** en som dit hier op: .....

.....

*Here Jesus, dankie dat nie een van ons hoef te probeer om ons verlossing te verdien nie. Dankie dat U alles wat nodig was, reeds gedoen het en dat ons verlossing as geskenk uit u hand kan ontvang. Gee dat ons nooit hierdie goeie nuus weer in slegte nuus sal verander deur by mense die indruk te laat dat verlossing verdien moet word nie. Gee dat meer en meer mense in Jesus sal glo. Amen*



## Brief 19

# Dissipelskap is 'n saak van die Koninkryk

Teofilus

Daar is 'n groot verskil tussen die beoefening van godsdiens en die uitleef van 'n verhouding. Dissipelskap gaan oor laasgenoemde. Dit is om 'n volgeling van Jesus as Persoon te wees en nie net van 'n stel reëls nie. Dit is om jouself aan Jesus oor te gee en jou aan Hom te verbind, nie net om kennis te neem van sy leerstellings nie. Dit is om Christus toe te laat om sý lewe deur jóú te leef en sý liefde deur jóú met ander mense te deel.

*Jesus sê dat sy dissipels oorgee-, omgee- en aangee-mense is.* Dissipelskap fokus op die hele Koninkryk van God, nie net op die beperkte terrein van die kerk nie.

Ek en jy moet ***oorgee*** en aan God gehoorsaam wees:

- Nie net 'n uur op 'n Sondag nie, maar 24/7. Dit is 24 uur per dag, 7 dae van elke week;
- Nie net in die kerk nie, maar ook in die werkplek;
- Nie net ten opsigte van godsdienstige sake nie, maar in alles.

Ek en jy moet ***omgee***:

- Nie net 'n uur op 'n Sondag nie, maar 24/7.
- Nie net vir die kerk nie, maar ook vir die samelewing;
- Nie net vir gelowiges nie, maar vir vriend en vyand;
- Nie net vir my eie volk nie, maar vir elke stam, volk, taal en nasie;
- Nie net deur wat ons sê nie, maar ook deur die manier wat ons ons daaglikse werk doen;
- Nie net vir mense nie, maar vir die hele skepping;

Ek en jy moet die goeie nuus ***aangee***:

- Nie net aan die wat af en toe kerk toe kom nie, maar aan almal wat elke dag werk toe kom;



- Nie net tydens 'n uitreik een keer per jaar nie, maar ook elke dag by die huis;
- Nie net met woorde nie, maar met ons leefstyl;
- Nie net met preke nie, maar met al die gawes wat die Gees gee.

Teofilus, wanneer jy dissipels maak, moet jy mense dus nie net leer bid nie, maar ook leer werk; hulle nie net leer preek nie, maar ook leer boer; nie wag dat hulle na jou toe kom nie, maar na hulle toe gaan; hulle nie net leer om die Bybel te lees nie, maar ook om probleme op te los; nie net aan hulle 'n Bybel gee as hulle nie een het nie, maar ook 'n trui, komberse of kos as hulle dít kortkom. Jy kan die maklikste dissipels maak van dié mense saam met wie jy die meeste van jou tyd deurbring, daar waar jy saam met hulle is.

Wanneer Jesus se dissipels 24/7 in alles *oorgee, omgee en aangee*, vestig hulle sy heerskappy en seggenskap in die landbou, die onderwys, die regering, op mediese terrein, in universiteite en die sakewêreld. Hulle leef Jesus se karakter oral waar hulle kom. Hulle laat sy stem oral hoor. Hulle bring oral die oorwinning en herstel wat kenmerkend van sy Koninkryk is. 'n Mens kan dit sien oral waar Hy regeer.

Teofilus, dis ons as dissipels se roeping: Deur *oorgee, omgee en aangee* vestig ons sy Koninkryk en maak ons nou reeds iets van die hemel 'n werklikheid op die aarde.

*Ons Vader in die hemel, laat u Naam geheilig word. Laat u Koningsheerskappy spoedig kom. Laat u wil hier op aarde uitgevoer word soos in die hemel. Amen*



## Brief 20

### Anker jou in die Woord

Teofilus

Toe jy na 'n tyd van stilte my gister uit die bloute bel, was dit baie lekker. Ek is veral bly dat jy elke brief wat ek aan jou stuur, ook met jou vriende bespreek. So terloops, dis eintlik wat alle Christene moet doen met die boodskappe wat hulle elke week ontvang. Ongelukkig is baie kerkgangers se houding: *It's only for my information, not my transformation.*

Wat my egter nog blyer maak, is die feit dat jy sê dat julle wel elke teks naslaan, lees en bespreek. Dis die regte ding om te doen. Dit anker jou en jou vriende in die Woord. Die Woord van God het wonderlike eienskappe. Ek wil hê julle moet dit self ontdek.

**Lees 2 Timoteus 3:15-17.** Hoewel Paulus hier na die Ou Testament verwys, is dit beslis van toepassing op die hele Bybel.

Waar kom die Skrif vandaan (vers 16)? .....

Watter waarde het die Skrif? Kyk of julle ten minste ses dinge kan sien.

.....  
.....

**Lees Matteus 4:1-11.** Was Jesus geanker in die Skrif? Hoe weet jy dit?

.....

**Lees Johannes 14:10 en 24.** Waar het Jesus gehoor wat Hy moes sê en doen?

.....



**Lees Johannes 14:26 en 16:12-14.** Waar hoor die Gees wat Hy aan my en jou moet meedeel?

.....

Waar het die profete en die Bybelskrywers gehoor wat hulle moet verkondig en skryf? **Lees 2 Petrus 1:20-21 en weer 2 Timoteus 3:16.**

.....

**Lees Handeling 2:42 en 6:2-4.** Waarop het die apostels gefokus en wat het die gelowiges gedoen?

.....

**Lees Kolossense 3:16.** Wat moet gelowiges doen?

.....

Teofilus, hou daarmee vol om die Woord te lees, asook om dit vir ander te lees. In julle liefdesverhouding met Jesus sal julle net groei as julle luister na wat Hy self sê en nie net na wat ek of ander oor Hom sê nie. Dissipels van Jesus luister daagliks na sy Woord.

*Here, ek dink nou aan Psalm 19:11. Daarom vra ek: Gee dat u Woord vir my en Teofilus, vir ons familie, vriende en personeel kosbaarder as goud en soeter as heuning sal wees. Gee ons 'n liefde vir u Woord en 'n brandende begeerte om dit beter en beter te ken. Amen*

Naskrif: Kyk hoe opgewonde is Dawid oor die Woord van God. In Psalm 119 sing hy oor die waarde en betekenis wat dit vir hom het. Maak êrens 'n tydjie om dit te lees!



## Brief 21

### Om iets te gee, is nie oorgee nie

Teofilus

Jy onthou mos nog al die stories wat vir jou vertel is toe jy klein was. In dié stories kon diere praat en soos mense dink en redeneer. Al is jy nie meer 'n kind nie, wil ek vandag weer vir jou 'n kort storiëttjie, 'n gelykenis, vertel.

Eendag het die plaasdiere besluit om 'n draai op die dorp te gaan maak. Die vark en die hoender het saam die straat af gestap. Toe hulle verby oom Vincent se slaghuis stap, sien hulle 'n advertensie in die venster opgeplak: **Op soek na spek en eiers. Ons betaal kontant.** Hoender het eerste op die advertensie reageer: *"Kom ons gaan help die man, hy soek spek en eiers en betaal kontant."* "Uhm..." antwoord vark wat eers mooi nadink oor wat hy gelees het: *"Dit sal die dag wees! Jy praat maklik. Jy kan iets vir die slagter gaan gee, maar ek moet myself gee."*

Met sy gelykenisse wou Jesus altyd 'n bepaalde boodskap oordra. Hy wou ons help om iets beter te verstaan. Met die *spek-en-eiers-gelykenis* wil ek ook 'n baie belangrike boodskap vir jou gee: Om 'n dissipel van Jesus te wees, moet jy bereid wees om te sterf en jouself aan Hom te gee. As jy soos die hoender net bereid is om iets vir Hom te gee, en dan weer met jou eie lewe wil aangaan, word jy gediskwalifiseer om 'n dissipel te wees.

Om 'n dissipel te wees is goed! Daar is géén beter lewensmoontlikhede nie. Niks is so opwindend, bevredigend en vervullend nie, want dís waarvoor ek en jy bestem is! Maar dit beteken nie dis maklik om 'n dissipel te wees nie. Daar is 'n prys aan verbonde – ongelowiges dink dis 'n duur prys, maar dis niks in vergelyking met wat jy kry nie. (Dis ook niks in vergelyking met die prys wat mense betaal wanneer hulle aan die bouse, die wêreld en hul eie sondige natuur uitgelewer is nie.) Maar wag, jy hoef nie na my te luister nie, luister na wat Jesus self sê.

Lees **Matteus 16:24-26**. Watter eise stel ons Here aan iemand wat sy dissipel wil wees? Wat moet ek en jy aan Hom gee?



.....

**Lees Romeine 12:1-2.** Omdat die Here reeds soveel vir j<sup>o</sup>u gedoen het en sy lewe vir j<sup>o</sup>u gegee het, wat vra Hy nou van jou? Wat moet jy aan Hom gee?

.....

Teofilus, terwyl jy nou Romeine 12:1-2 lees, let net weer op die wonderlike gevolg van volkome oorgawe: Jy sal weet wat God wil h<sup>e</sup> jy moet doen; jy sal weet wat werklik goed, aanvaarbaar en volmaak is. Dink net watter voordele dit vir jou gaan inhou as jy d<sup>i</sup>t altyd weet!

Die pad van dissipelskap is 'n pad waarop ek en jy moet sterf (*oorgee!*) sodat ons deel kan kry aan s<sup>y</sup> nuwe lewe. Alleen deur te sterf kom ons vry van die bose, kosmiese magte (Kolossense 2:20). Net deur te sterf kom ons vry van die mag en houvas wat sonde op ons het (Romeine 6:6-7). Omdat ons saam met Christus gesterf het (2 Korinti<sup>ë</sup>rs 5:14 en Kolossense 3:3), móét ek en jy ontslae raak van 'n klomp wêreldse dinge in ons lewe. Ons moet dit soos ou vuil klere uittrek en Jesus se nuwe lewe aantrek! Ons moet die ou goed doodmaak! Hulle het geen bestaansreg in die lewe van Jesus se dissipels nie.

Wat moet j<sup>y</sup> volgens **Kolossense 3:5-11** alles in j<sup>o</sup>u lewe doodmaak?

.....

.....

Watter nuwe gedrag moet j<sup>y</sup> volgens **vers 12-17** aanleer (aantrek)?

.....

.....

Jy sien Teofilus, *oorgee is oorgee*. Dis die afsterf van die **hele** ou mens, nie net die amputasie van een of twee ledemate nie. Ons kan nie





soos die hoender net iets wil *oorgee* nie. Soos die vark het ons net een keuse: Alles of niks!

*Here Jesus, help my en Teofilus om daaglik oor te gee, maar om vandag reeds die finale besluit te neem om daaglik oor te gee. Ons kan dit nie bekostig om elke dag, en in elke situasie dié besluit te heroorweeg nie. Dis finaal Here, ek gee oor! Ek gee alles oor! Amen*

## Brief 22

### Die ryk familie in ons gemeente

Teofilus

Dis storietyd! Jare gelede het ek eendag vir oom Louis, toe al diep in die 80, besoek. Hy was 'n ware dissipel van Jesus. Sy lewe is gekenmerk deur *oorgee, omgee en aangee*. In sy huis het altyd geestelike boeke en briewe van sendelinge gelê. Daar het ek 'n bladsy met die volgende verhaal gekry. Die skrywer is Eddie Organ, maar die res is onbekend. Aangesien daar soveel arm mense in jou omgewing is (party fisies en party geestelik arm), glo ek jy gaan hierdie verhaal van *oorgee, omgee en aangee* baie inspirerend vind. Die opskrif is: **Die ryk familie in ons gemeente**. (Ek het dit vry vertaal en so effens verkort).

Ek sal 1946 se Paastyd nie vergeet nie. Ek was 14, Ocy 12 en Darlene 16. Ons drie het saam met Mamma gebly en het geweet wat dit beteken om sonder baie dinge klaar te kom. My pa is vyf jaar tevore dood en het my ma met sewe kinders, sonder enige geld agtergelaat. Teen 1946 was die oudste vier kinders reeds uit die huis.

'n Maand voor Pasa het die dominee aangekondig dat daar op Paasfees 'n spesiale kollekte opgeneem sou word om 'n arm gesin te help. Hy het almal gevra om geld te spaar, werklik 'n offer te bring en ruim by te dra. Terug by die huis het ons dadelik gesels oor wat óns kan doen. Ons het besluit om 50 pond (ongeveer 23kg) aartappels te koop en vir die hele maand daarop te lewe. Op die manier kon ons \$20 op ons kruideniers-begroting spaar om by te dra. Ons het ook besluit om so min as moontlik



elektrisiteit te gebruik om nog meer te spaar. Ons het mense se huise en agterplase skoongemaak en elke geleentheid om kinders op te pas, aangegryp. Met elke 15 sent wat ons gekry het, het ons genoeg wol gekoop om drie vatlappe te brei wat ons dan weer vir \$1 verkoop het. Op dié manier het ons nog \$20 bymekaar gemaak.

Dié maand was een van die bestes in ons lewe. Ons het elke dag die geld getel om te sien hoeveel ons al gespaar het. Saans het ons in die donker gesit en gesels oor hoe die arm gesin die geld wat die kerk aan hulle gaan gee, sal geniet. Aangesien daar ongeveer 80 mense in die kerk was, het ons uitgewerk dat die gemeente ten minste 20 keer meer kan gee as wat ons eie bydrae is. Na alles het die dominee die gemeente elke Sondag aan die spesiale bydrae herinner.

Die dag voor Paasfees het ek en my sussie na die kruidenierswinkel gegaan en al ons kleingeld omgeruil vir drie nuwe \$20-note en een \$10-noot. Ons het huis toe gehardloop om vir Mamma en Darlene te gaan wys. Ons het nog nooit voorheen soveel geld gehad nie. Daardie nag kon ons byna nie slaap nie, so opgewonde was ons. Dit het ons nie gehinder dat ons nie nuwe klere vir Paasfees kon kry nie, want ons het \$70 vir die spesiale offergawe gehad. Ons kon nie wag om kerk toe te gaan nie.

Daardie Sondag het dit behoorlik gereën. Ons het nie 'n sambreel besit nie, maar het ook nie omgee hoe nat ons word nie. Selfs Darlene se voete het papnat geword omdat haar skoene al stukkend was. Ons het trots in die kerk gesit. Ek het gehoor dat van die ander tieners iets fluister oor die Smith-dogters wat weer hul ou rokke aan het. Ek het na hulle in hulle nuwe rokke gekyk en baie ryk gevoel.

Toe die kollekte opgeneem word, het Mamma die \$10-noot ingegooi en ons drie kinders elkeen \$20. Op pad huis toe het ons gesing. Middagete het Mamma ons verras. Sy het 'n dosyn eiers gekoop en ons kon Paaseiers saam met ons aartappels eet.

Laat daardie middag het die dominee voor ons huis gestop. Mamma het die deur oopgemaak, 'n oomblik met hom gepraat en toe teruggekome met 'n koevert in haar hand. Ons het gevra wat dit was, maar sy het niks gesê nie. Sy het die koevert oopgemaak. Toe val daar 'n klomp geld uit drie nuwe \$20-note, een \$10 en sewentien \$1. Mamma het die geld teruggesit in die koevert en niemand het 'n woord gesê nie. Ons het almal net na die vloer gesit en staar. Waar ons 'n oomblik gelede nog soos miljoenêrs gevoel het, het ons nou arm en waardeloos gevoel.



Ons het so 'n gelukkige lewe gehad dat ons almal jammer gekry het wat nie óns pa en ma gehad het nie, of 'n huis vol boeties, sussies en vriende wat gedurig kom kuier het nie. Ons het gedink dit is pret om eetgerei te deel en altyd te wonder wat jy vanaand gaan kry: die vurk of die lepel? Ons het twee messe gehad wat ons rondgestuur het vir wie dit ook al nodig gehad het.

Ons het geweet dat ons baie dinge wat ander mense het, nie het nie, maar ons het nooit gedink ons is arm nie. Maar daardie Paasfees het ons uitgevind dat ons wel arm is. Die dominee het immers die geld wat vir die arm gesin ingesamel is, vir óns gebring. Só, ons móét arm wees! Ek het niks daarvan gehou om arm te wees nie. Ek het na my rok en verslete skoene gekyk en was so skaam dat ek nie weer kerk toe wou gaan nie. Almal weet blykbaar lankal dat ons arm is. Op skool was ek in graad 9 en het eerste gestaan uit meer as 'n 100 kinders. Ek het gewonder of dié kinders ook weet dat ons arm is. Ek het besluit om skool te los, aangesien ek reeds graad 8 geslaag het en dit was al wat die wet destyds vereis het.

Ons het lank in stilte gesit. Later het ons gaan slaap. Gedurende die week het ons min gepraat. Saterdag het Mamma die stilte verbreek en gevra wat ons met die geld wil doen. Ons het gewonder: Wat doen arm mense met geld? Ons het nie geweet nie, want ons het nie geweet dat ons arm is nie. Ons wou nie Sondag teruggaan kerk toe nie, maar Mamma het gesê ons moet.

Al was dit 'n lekker sonskyndag, het niemand op pad kerk toe gepraat nie. Mamma het 'n lied begin sing, maar niemand het saamgesing nie. By die kerk het 'n sendeling gepraat. Hy het vertel hoe mense in Afrika kerke bou met songedroogde kleistene, maar dat hulle geld benodig om die dakke op te sit. Hy het gesê dat \$100 genoeg is vir een kerk se dak. Die dominee het gevra: *Kan ons nie almal 'n offer bring om dié arm mense te help nie?*

Ons het na mekaar gekyk en vir die eerste keer daardie week geglimlag. Mamma het haar hand in haar handsak gestee en die koevert uitgehaal. Ons het dit aangestuur na Ocy en sy het dit in die kollektiebordjie gegooi. Nadat die geld getel is, het die dominee aangekondig dat die bydrae net oor die \$100 was. Die sendeling was baie opgewonde. Hy het nie so 'n ruim bydrae van ons klein gemeentetjie verwag nie. Hy het gesê: *Julle moet beslis ryk mense in julle gemeente hê.* Toe tref dit ons. Ons het \$87 van die net meer as \$100 gegee. Ons is die ryk familie in die gemeente. Het die sendeling nie self so gesê nie? Van daardie dag af was ek nooit weer arm nie.



Ek onthou altyd hoe ryk ek is omdat ek Jesus het!

Jesus se dissipels is *oorgee-, omgee- en aangee-mense*. Wat in hierdie verhaal dui daarop dat die Smith-familie dissipels van Jesus was? Jy en jou dissipel-vriende kan gerus daaroor gesels.

Hier het ons te doen met 'n **ryk arm familie**. In Lukas 18:18-30 lees ons die verhaal van die **arm ryk jongman**. Teofilus, wat is julle? Arm ryk families, of ryk *arm* families?

**Lees 2 Korintiërs 8:9!** Wat het Jesus gedoen?

.....

Dis die hart van die evangelie om van arm mense ryk mense te maak. Teofilus, doen dit, deur alle mense dissipels te maak.

*Gees van God, wys ons hoe ons tussen arm mense dissipels van U kan wees en, daar waar ons woon en werk, dissipels vir U kan maak. Leer ons hoe om dissipels te maak van mense wat fisies arm is, maar ook van mense wat ten spyte van hulle materiële welvaart, geestelik niks het nie. Amen*

## Brief 23

### Wanneer spring jy op jou perdjie?

Teofilus

Lyk my nie ons kry klaar gepraat oor die feit dat *oorgee* doodmaak en afsterwe beteken nie. Jy het skynbaar nog baie vrae. Kan ek jou net eers daaraan herinner dat die simbool van ons Christelike geloof die kruis is. As iemand in die tyd van Jesus met 'n kruis geloop het, het almal geweet: *hy gaan sterf; hy het geen drome en geen ideale meer*



*nie; hy het aan sy einde gekom.* Christenskap en dissipelskap is nie vir mense wat weier om aan die **eie-ek** te sterf nie.

Hoe weet jy wanneer jou *eie-ek* op 'n sekere terrein nog springlewendig is? Vra net 'n ander vraag! Wanneer spring jý op jóú perdjie? As 'n vriend of een van jou huismense jou oor *wat* aanspreek? Of wanneer het jy altyd 'n verskoning vir jou verkeerde optrede? Dit dui tog daarop dat jy, in plaas daarvan om die verkeerde ding te kruisig, dit probeer regverdig en selfs goedpraat. Kom ek vertel twee kort verhaaltjies om te illustreer:

Gert vererg hom elke keer as die dominee oor geld preek. Hy kon dit later nie meer hou nie en het die dominee tromp-op geloop: *Moenie met my oor geld praat nie, praat met my oor my siel*, sê hy. Die dominee het onmiddellik gereageer en gesê: *Ek wil met jou oor jou siel praat, maar jou siel sit in jou beursie.*

Ouma Hettie was 98 met haar dood. Sy het van 'n bietjie pensioengeld geleef, maar elke keer as die onderwerp van geld op die tafel gekom het, het ouma Hettie gesê: *My kind, Ouma en die liewe Heer het mos net een beursie. As Ouma geldjies kortkom, dan vra ek vir die Here. En as die Here bietjie geld nodig het, vra Hy vir Ouma. Só werk dit goed!*

Dis baie duidelik wie nog op die terrein van geld moes *oorgee* en wie reeds volkome *oorgegee* was.

Teofilus, kan ek sommer uit my hart met jou praat? 'n Man wat hoop om sy vrou en kinders te dissipel kan nie gemaksugtig, baasspelerig, bombasties, vulgêr, materialisties, liggeraak, rassisties en sommer net lui wees nie. Hy is daar om sy huis te dien en hulle belange eerste te stel. Hulle is nie daar om te spring elke keer as hy bedien wil word nie.

**Lees Markus 10:42-45.** Wat doen ware leiers wat Jesus se dissipels is?

.....



**Efesiërs 5:21 en Filippense 2:3-8.** Watter gesindheid moet daar ook in mans wees? (Ek sluit nie vrouens uit nie.)

.....

Ook vroue moet let op hulle lewe. Dit is reg dat vroue hulle self goed versorg, asook mooi en netjies aantrek. Maar wanneer vroue se hele lewe net om hul uiterlike voorkoms, die nuutste modes, stapels glanstydskrifte, rondkuier en skinder draai, is daar baie wat nog *oorgegee* moet word. Met só 'n lewenstyl sal hulle moeilik daarin slaag om dissipels te maak, veral buite hul eie sosiale kring. *Oorgee, omgee en aangee* moet in hulle alledaagse lewe gesien kan word.

**Lees 1 Timoteus 2:9-10.** Wat word van vroue verwag?

.....

**Lees 1 Timoteus 5:13.** Watter gewoontes moet sterf?

.....

Teofilus, mense verskil van mekaar en verskillende dinge is vir verskillende mense belangrik. Dit mag so wees, maar daar is dinge in ons almal se lewe wat móét dood! Kom ons maak dit dood!

*Here maak ons bereid om al ons sondige, irriterende, selfsugtige gedrag dood te maak. Begin sommer by my en Teofilus sodat ons huis- en werksmense ook dissipels van U sal wil word. Amen*



## Brief 24

### Net soos Jesus moet jy tyd maak om te bid

Teofilus

Alle verhoudings is op kommunikasie gebou. Sonder kommunikasie kan daar geen sprake van enige verhouding wees nie – ook nie van dissipelskap nie. Gebed is kommunikasie met God. Oorgawe aan God word sigbaar in voortdurende kommunikasie met God, voortdurende gebed. Dink maar aan die lewe van Jesus. Sy gebedslewe het gewys hoe *oorgegee* Hy aan die Vader was.

Ook wat hulle gebedslewe betref, moet Jesus se dissipels sy voorbeeld volg. Hy het nie net vir ons kom sê hoe om te lewe nie. Hy het vir ons kom wys wat die heel beste manier is om te lewe. Hoe om voortdurend die seën en krag van God in ons lewe te ervaar. Hy het nie net dikwels gesê dat óns moet bid nie, Hyself het Hom altyd weer afgesonder om te bid (Lukas 5:16).

Jesus het sommer baie tyd in gebed deurgebring. *Hy het tyd gemaak om te bid, te midde van 'n propvol program.* In Markus 1:32-36 lees ons hoe Hy tot laat in die aand gewerk het. Ons kan aanvaar dat die baie genesings en die uitdryf van duiwels sy krag en energie getap het (vgl. Markus 5:30). Vroeg die volgende môre het die mense Hom al weer gesoek. Sy program was propvol. Nogtans het Hy tyd gemaak om te bid. Hy het lank voor dagbreek opgestaan en uitgegaan na 'n eensame plek om daar te bid.

Teofilus, jy is ook baie besig. Daar is soveel dinge wat aanspraak maak op jou tyd en aandag: jou gesin, boerdery, vriende, verenigings, die gemeente en selfs die TV. Die lys hou net aan.

Maar luister mooi: net soos omgang met die Woord van God, is 'n intieme gebedslewe een van die fondasies van dissipelskap. As jy nie bid nie, en ook nie die mense wat jy dissipel leer bid nie, gaan julle verhouding met God maar baie oppervlakkig wees. Moenie wag totdat





jy tyd kry om te bid nie – dit mag dalk nooit gebeur nie. Net soos Jesus moet jy tyd máák om te bid. Dis deel van die dissipline van 'n dissipel.

Gebed is kenmerkend van mense wat *oorgegee* is aan die Here. Ek was nog nooit oortuig van iemand se volkome oorgawe as daar niks in sy of haar gebedslewe aangaan nie. Gebed is ook een van die belangrikste maniere waarop jy vir mense kan *omgee*. Weet jy hoeveel mense het behoefte daaraan dat iemand net vir hulle 'n opregte gebed doen? Verder is gebed ook broodnodig wanneer ons die Evangelie vir mense wil *aangee*. Trouens, ons bid nie net vir die *aangee*-proses nie. Gebed is een van die maniere waarop ons *aangee*. *Oorgee, omgee en aangee* word sigbaar in gebed! Daarom is dissipels biddende mense.

Jesus het altyd en in alle omstandighede tyd gemáák om te bid. Net soos Jesus moet ek en jy ook tyd máák om te bid ...

- ✓ Te midde van 'n propvol program (Markus 1:32-36);
- ✓ Wanneer almal jou raad en hulp soek (Lukas 5:15-16);
- ✓ Voor jy belangrike besluite neem (Lukas 6:12-13);
- ✓ Wanneer jy moeg is na 'n harde dag se werk (Markus 6:31-49);
- ✓ Wanneer tyd baie min en kosbaar is. [Toe dit tyd geword het vir Jesus om aan die kruis te sterf, het Hy die kosbare tydjie wat oor was gebruik om vir sy dissipels en vir ons te bid (Johannes 17)];
- ✓ Wanneer die stryd teen die Bose op sy felste is (Lukas 22:39-46).

Jesus se hele lewe wys vir ons hoe belangrik dit is om gedurig te bid. Gebed moet ook vir jou as sy dissipel belangrik wees. Jesus leef mos in jou. Hy het die versoeking om gebed te verwaarloos elke dag van sy lewe oorwin. Hy kan en sal jou help om dit ook te doen.

In antwoord op jou gebede wil Hy jou oorlaai met seën en krag vanuit die hemel. Daarom moet jy voor die Troon boer. As jy meer oor gebed wil leer, bestudeer die boekie: ***Boer voor die Troon***. Dit is by *AMOS* beskikbaar.

*Heilige Gees, kom leer ons asseblief om te bid, want ons begeer 'n lewende, intieme en dinamiese verhouding met ons Here en*



*Verlosser. Laat ons oorgee, omgee en aangee sigbaar word in gebed.  
Laat ek en Teofilus net soos Jesus tyd maak om te bid. Amen*

## Brief 25

### Die wie, wat en waarom van dissipelskap

Teofilus

Tot nou toe het ek hoofsaaklik aan jou geskryf oor die **wat** van dissipelskap. Met ander woorde, **wat** moet jy mense leer? Jy weet: *Leer hulle oorgee, omgee en aangee.*

Op die vraag **waarom** ons mense dissipels maak, kan ek ook 'n kort maar duidelike antwoord gee: *Omdat Jesus só gesê het. Omdat Hy gesê het die nasies moet bereik word!* Dissipelskap is die enigste strategie wat vermenigvuldiging tot gevolg het (2 Timoteus 2:2). Mense leer mense, wat mense leer, om weer ander mense te leer! As elke dissipel ses maande neem om iemand anders na Jesus te lei en hom of haar te dissipel sodat hy/sy weer binne ses maande iemand anders na Jesus kan lei en dissipel, sal die getal dissipels teoreties as volg groei:

Na 6 maande	=	2 dissipels
Na 1 jaar	=	4 dissipels
Na 18 maande	=	8 dissipels
Na 3 jaar	=	64 dissipels
Na 16 jaar	=	4 294 967 296 dissipels (4.3 biljoen)
Na 16½ jaar	=	die hele wêreldbevolking!

Selfs al sou 'n kerk daarop aanspraak kon maak dat hulle 3 000 mense per dag tot bekering lei, sou hulle wel 1.1 miljoen per jaar na Christus lei, maar na 16 jaar sou hulle 'n skamele 17.6 miljoen na Hom kon lei in vergelyke met die 4.3 biljoen wat deur konstante dissipelskap bereik en tot volwassenheid gelei is. **Die wêreld kan op geen ander manier as deur dissipels wat reproduseer vir Christus gewen word nie.** Dink weer aan wat ek in my eerste brief geskryf het.



Op die vraag **wie** dissipels moet maak, ken jy ook reeds die antwoord: *Elkeen wat 'n dissipel van Jesus is.* Dit is die kern van die Nuwe Testament se lering oor die Kerk: **Elkeen!** Bediening in die Nuwe Testament is die voorreg en verantwoordelikheid van **elke** lid van die Liggaam. **Almal** is met die Heilige Gees vervul (Handelinge 2:4). **Elkeen** het 'n gawe of gawes van die Gees. **Elkeen** vervul sy funksie. **Elkeen** het 'n bydrae om te lewer (Lees 1 Korintiërs 12 tot 14 en Efesiërs 4:1-16.). **Almal** het die opdrag om dissipels te gaan maak (Matteus 28:18-20)! **Elkeen** moet vertel hoe wonderlik God is – dié God wat hulle uit die duisternis na die lig geroep het (1 Petrus 2:8-9). **Elkeen** moet almal dien en bedien (1 Petrus 4:10-11 en Romeine 12:3-8).

Om bediening in die kerk oor te laat aan (of te beperk tot) kerklike ampsdraers of tot die sogenaamde “geestelike elite” is, Teofilus, 'n onbybelse dwaling waarvan julle asseblief ontslae moet raak. Dis 'n dwaling om *aangee* (sending) te reserveer vir die oorwerkte sendingkommissie. Het die meerderheid van lidmate dan geen liefde vir verlore mense nie? Geen toerusting om die boodskap aan te gee nie? Nie kennis van die Woord nie en ook nie die krag van die Gees nie? Hoe kry hulle dit reg om waarlik te glo, maar nie te praat oor wat hulle glo nie (2 Korintiërs 4:13)?

Teofilus, die kerk is nie 'n passasierskip met 'n klein bemanning wat al die verantwoordelikheid moet dra, met baie passasiers wat luilekker sit en gedurig bedien wil word nie. Die kerk is 'n oorlogskip. Geen passasiers word toegelaat nie, net bemanning wat elkeen 'n definitiewe taak het.

Hierdie skip hoort in die water Teofilus, maar die water hoort nie in die skip nie. Wanneer die skip nie in die water is nie, beantwoord dit nie aan sy doel nie. Wanneer die water egter in die skip kom, sal daardie skip vroeër of later sink. Net so hoort die kerk in die wêreld, maar die wêreld hoort nie in die kerk nie (Lees asseblief Johannes 17:13-19). As die kerk begin dink en redeneer soos die wêreld, is die skrif aan die muur. Dan flikker daar groot rooi ligte!



*Here Jesus, openbaar asseblief aan Teofilus dat U die voorreg en verantwoordelikheid van die bediening aan ELKEEN van u kinders gegee het. Maak hom en sy vriende gewillig en bekwaam om, terwyl hulle in die wêreld leef en werk, doelbewus u goeie nuus met ongelowiges te deel. Bewaar hulle, sodat al is hulle in die wêreld, die wêreld nooit in hulle sal kom nie. Amen*

## Brief 26

### Hoe word dissipels gemaak?

Teofilus

Ek val sommer met die deur in die huis. As ons wil hê *almal* moet dissipels maak, sal ons 'n strategie en plan moet hê. Anders gaan dit nooit gebeur nie. Daarom beantwoord ek nou jou vraag: **Hoe** word dissipels gemaak? Wat is die proses?

In sy boek ***Accidental Missionary***, *The unexpected adventure of making disciples*, beskryf Steve Murrell vier fases in die proses van dissipelskap: ***Engage, Establish, Equip and Empower***. (Jy kan gerus dié boek koop en lees. Dit sal jou denke vernuwe.) Ek wil hierby aansluit.

Dissipelskap gebeur in kleingroepe. Dissipelskap gebeur binne verhoudinge. Maar alle kleingroepe is nie regtig dissipelskap-groepe nie. Party gemeentes gebruik kleingroepe om lidmate in die kerk te probeer hou. Vir hulle is kleingroepe 'n sleutel waarmee hulle die agterdeur gesluit hou sodat bestaande lidmate nie een-een daar uitglip nie. Ek sien dissipelskap-groepe veel eerder as die sleutel waarmee ons die voordeur kan oopsluit sodat die wat nog buite die kerk is, kan inkom. Dan kan ons hulle aan Christus en die Goeie Nuus blootstel. Die doel is tog om alle mense vir Christus te wen.

Teofilus, dit beteken dat jy **doelbewus moet uitreik** na mense buite die kerk. **Assosieer** jou ten volle met hulle. Bou 'n verhouding met hulle.



Gee vir hulle om en word letterlik deel van hulle leefwêreld (nie van hulle sondige leefstyl nie). Hulle sal nie sommer na jou “kerklike” leefwêreld toe kom nie. Jy moet na hulle toe gaan.

Aangesien jy doelbewus oorbeweeg het na hulle leefwêreld om hul daar aan Christus voor te stel, moet jy nou doelbewus jou geloof begin deel. Sê vir hulle wat jy glo en hoekom jy dit glo. Lei hulle na Christus en **vestig hulle op Bybelse fondasies**. Maak seker dat hul geloof gebou is op Christus en die waarhede in sy Woord. Vestig die nuwe bekeerlinge in ’n gemeente waar hulle saam met ander gelowiges tot geestelike volwassenheid kan groei. Steve Murrell skryf: *Being a disciple is and always has been a team sport, a group activity, a family affair, a community event. It is not a solo flight or an individual achievement* (bladsy 129).

Wanneer iemand se geloof en sekerheid gebou is op die fondasie van Christus, moet dié persoon onmiddellik **opgelei en toegerus word** om sy funksie in die liggaam (die gemeente) te vervul. Hy/sy moet ook opgelei en toegerus word om weer doelbewus na ongelowiges uit te reik en hulle na Christus te lei. Hy/sy moet geleer word hoe om die volgende groep weer op Bybelse fondasies te vestig.

Dan moet die persoon **uitgestuur en vertrou** word om te gaan doen wat geleer is. Dan moet jy wys dat jy glo dat elke gelowige voltyds in bediening staan. Dat elke gelowige die voorreg en verantwoordelikheid het om dissipels te maak. As jy mense aanhou toerus maar nooit uitstuur en gebruik nie, frustreer en verloor jy hulle.

Teofilus, dink hieroor na en vra dat die Gees aan jou insig sal gee. As jy wil, sal ek probeer om elkeen van die stappe meer breedvoerig te verduidelik.

*Gees van Christus, leer ons asseblief hoe om dissipels te maak. Hoe om mense te leer om oor te gee, om te gee en aan te gee. Vergewe ons dat ons gedink het dis net die taak van geestelike leiers en mense wat betaal word om dit te doen. Amen*



## Brief 27

### Met Christus oor grense

Teofilus

Ek vind dit baie vreemd dat soveel Christene nie persoonlik betrokke is, of wil wees by die *aangee* van die Evangelie na die wêreld nie. Ons het al so gewoon daaraan geword dat ons nie eers meer raaksien hoe vreemd en onbybels dit is nie.

Ek en jy is gered omdat God die wêreld, ten spyte van sy sonde, so lief gehad het, dat Hy sy Seun “*oor die grens tussen hemel en aarde*” gestuur het om ’n hand van verlossing na ons uit te reik. (Lees Johannes 3:16; Romeine 5:8-10 en Filippense 2:6-8.) Hoe is dit moontlik dat mense in wie Hy woon, dit nie eers regkry om oor die plaaspad, die teerpad, die treinspoor, die sloot, die kultuurgrens, die taalgrens, die sosiale grens of die kleurgrens te gaan nie?

Almal is gou om die goeie nuus van ’n oorwinning op die sportveld letterlik met almal wat wil hoor, te deel. Ook die goeie nuus van ’n babatjie wat gebore is, word op elke denkbare manier binne minute wydversprei. Maar duisende in ons onmiddellike omgewing het nog nie die goeie nuus van Jesus gehoor nie: nie die nuus van dié Kind wat gebore is, of van dié oorwinning van alle oorwinnings wat Hy aan die kruis behaal het nie. Hulle ken en gebruik sy Naam net as ’n vloekwoord. Iets is fout, groot fout, Teofilus!

Ek is jammer om te sê, maar ek dink dat mense wat teen sending en die *aangee* van die Evangelie na alle mense is, deur hulle optrede en gesindheid wys dat hulle nog nooit deel van God se *arbeidsmag* was nie. Hulle is steeds deel van die *arbeidsveld*. Teofilus, jy sal hulle nooit gemotiveer kry om *aan te gee* nie, want hulle het niks om *aan te gee* nie. Jy moet eers die volle evangelie aan hulle gee.

Ja, ek weet dat selfs Petrus destyds gesukkel het om oor die grens na heidene te beweeg, maar die verhaal in Handeling 10 en 11 staan nou



al bykans 2000 jaar vir ons almal opgeteken om te lees. Ons kan regtig nie nou meer na Petrus verwys as verskoning hoekom ons nie met Christus oor grense wil beweeg nie.

Dink weer aan die beeld van die skip en die water wat ek vroeër gebruik het. Wat het Jesus gedoen sonder om self immoreel, korrup en vuil te word? **Lees Matteus 9:9-13**, verkieslik in die Nuwe Lewende Vertaling.

.....

.....

Tydens sy aardse lewe het Jesus nie al sy tyd met godsdienstige mense spandeer en in sinagoges deurgebring nie. Hy het elke denkbare grens oorgesteek om almal te soek en te red wat verlore was (Lukas 19:10). Dis totaal ondenkbaar dat iemand homself 'n Christen kan noem (bedoelende dat Christus in hom leef), maar dan spandeer hy of sy al hulle tyd net rondom die kerk en tussen gelowiges. Die Christus wat in sy kinders woon en al die dae saam met sy dissipels is, wil tog nog steeds almal soek en red wat verlore is.

*Heilige Gees, wys ons hoe onmoontlik dit is om aan Christus te behoort maar volstrek te weier om saam met Hom grense oor te steek om almal te soek en te red wat verlore is. Gee aan ons u liefde vir alle mense, die liefde waarvan ons in Johannes 3:16 asook in 1 Johannes 3:16 lees. Amen*

## Brief 28

### Bybelse Fondasies

Teofilus

In my vorige brief het ek verduidelik dat dissipels van Jesus gedurig saam met Hom oor grense beweeg. Saam met Hom is hulle gedurig besig om te soek en te red dié wat verlore is. Om **doelbewus uit te reik**



**en jou met ongelowiges te assosieer**, is die *eerste stap* om dissipels te maak. Kom naby mense, by hulle, in hulle huise. Lees hoe het Jesus en Paulus dit gedoen (Lukas 7:34; Hebreërs 2:14-18 en 4:15 asook Filippense 2:5-8 en 1 Korintiërs 9:19-23). *Tog het die water nooit in die skip gekom nie.*

Die *tweede stap* is om **Bybelse fondasies** in jou “sondaar-vriende” se lewe te lê. Prakties kan jy dit doen deur hulle na ’n kleingroep te nooi wat êrens gedurende die week op ’n tyd en plek wat vir hulle gemaklik is, bymekaarkom. Sê vir hulle hoekom jy hulle nooi en as hulle nie gereed is nie, moenie druk op hulle uitoefen nie. Bid en vra dat die Here hulle gereed sal maak. In die kleingroep stel jy dan jou vriende aan Jesus voor en jy begin werk aan die lê van fondasies.

Hoe beskryf Petrus die fondasies in sy eerste preek? **Lees Handeling 2:36-42** om uit te vind.

1. Wat is die kern van Petrus se preek? (vers 36)

.....

2. Wat het die mense in reaksie op Petrus se preek gevra? (vers 37)

.....

3. Wat was Petrus se antwoord. Wat moes hulle doen? (vers 38)

.....

4. Wat het Petrus gesê sal hulle ontvang as hulle hul bekeer en laat doop? (vers 38)

.....

5. Op wie is hierdie belofte van toepassing? (vers 39)

.....





6. Wat het Petrus nog gesê? (vers 40)

.....

7. Wat het gebeur met dié wat die boodskap aanvaar het? (vers 41)

.....

8. Wat het die gelowiges daarna gedoen? (vers 42)

.....

*Here Jesus, dat U die Seun van God is, die Here en die Verlosser, is die fondasie waarop U u Kerk bou. Help ons om te verstaan hoe belangrik fondasies is. Help ons om die regte fondasie in nuwe bekeerlinge se lewe te lê. Amen*

## **Brief 29**

### **Leer by twee koeldrankblikkies**

Teofilus

Jy kan die noodsaaklikheid van 'n goeie fondasie as volg vir jou vriende verduidelik: *Neem twee koeldrankblikkies – een vol en een leeg. Gee die vol blikkie aan die grootste en sterkste persoon in die groep. Gee die leë blikkie aan die kleinste en swakste persoon. Elkeen moet dan probeer om sy blikkie inmekaar te druk.*

Die leë blikkie word somer maklik inmekaar gedruk, terwyl die groot en sterk persoon nie daarin slaag om die vol blikkie inmekaar te druk nie. Dis die verskil tussen 'n persoon met Bybelse fondasies en waardes, en 'n persoon daarsonder. Mense met Bybelse fondasies en waardes kan weerstand bied teen hewige storms en aanslae. Hulle word nie inmekaar gedruk nie, terwyl hulle wat geen fondasies het nie, onder die geringste druk knak en voor elke versoeking swig.



## Lees Lukas 6:46-49 en Matteus 7:24-28.

Mettertyd moet jy dus seker maak dat die volgende uitkomst bereik word en fondasies gelê is:

- ✓ **Bekering** – 'n besluit om in Jesus as Here en Verlosser te glo en aan Hom *oor te gee*;
- ✓ **Geloofsekerheid** – 'n vaste en volkome vertrouwe op Jesus en dit wat God uit genade deur Hom gedoen het om ons te verlos en sy kinders te maak;
- ✓ **Doop** – 'n daad van gehoorsaamheid en die openlike identifisering met die boodskap van Christus se sterwe en opstanding. Dis ook 'n openbare belydenis dat ons saam met Hom gesterf en opgestaan het en dat Hy die mag en houvas van sonde oor ons verbreek het en ons 'n nuwe lewe gegee het.
- ✓ **Vervulling/Doop met die Heilige Gees** – dit is die vervulling van Jesus se belofte dat die Heilige Gees ons op 'n bo-natuurlike wyse sal toerus om sy opdrag uit te voer.
- ✓ **24/7-Gehoorsaamheid** – omdat Jesus nie net as Verlosser aanvaar word nie, maar ook as Koning en Here erken word!
- ✓ **Geanker in die Woord** – omdat dit deur God geïnspireer is, Hom aan ons bekendstel, absoluut betroubaar is, aan ons 'n vaste fondasie vir ons geloof bied en ons toerus om vir Hom te lewe (vgl. 2 Timoteus 3:15-17).
- ✓ **Gebed** – omdat 'n intieme verhouding met God sonder persoonlike kommunikasie met Hom, nie moontlik is nie. Ook omdat gebed 'n besondere manier van *oorgee, omgee en aangee* is.
- ✓ **Inskakeling by 'n plaaslike geloofsgemeenskap (gemeente)** – omdat elke gelowige deel is van die één liggaam van Christus en deel het aan een Gees (Romeine 12:5, asook 1 Korintiërs 12:12-13 en 27); omdat elkeen 'n lid is van God se huisgesin (Efesiërs 2:19) en volk (Efesiërs 1:11).

Teofilus, Christus is die fondasie waarop ons geloof gebou is. Daarom is elkeen van hierdie fondasie-stene uiters belangrik. Waar en wanneer dit ontbreek, val mense se lewe met elke aanslag uitmekaar.

*Here Jesus, ek is jammer dat ek dikwels geestelike kinders verwek het sonder om fondasies in hulle lewe te lê. Vergewe my dat so baie van hulle al in storms seergekry en deur die lewe geknak is. Help asseblief vir my en Teofilus om alles in ons vermoë te doen om, wanneer ons dissipels maak, Bybelse fondasies in hulle lewe te lê.  
Amen*



## Brief 30

### Die Kerk

Teofilus

Jy het baie vrae oor die Kerk. As ek dit moet saamvat kom dit neer op twee dinge: 1. *Wie en wat is die Kerk?* 2. *By watter kerk moet nuwe dissipels inskakel?* Wel, dis onmoontlik om in een of twee briewe alles te sê wat eintlik gesê moet word, maar ek sal so goed moontlik probeer.

Reeds in Hosea 2:15-19 word 'n dag in die vooruitsig gestel wanneer die verhouding tussen die Here en sy volk radikaal anders en nuut gaan wees. 'n Dag waarop Hy die verhouding op sý inisiatief in 'n liefdevolle huwelik gaan omskep waar Hy nie minder geëer word nie, maar meer bemin word; waar Hy nie minder gehoorsaam word nie, maar uit liefde ten volle gehoorsaam word; waar sy bruid nie in vrees vir straf lewe nie, maar haar verbly in sý genade; waar gebed nie 'n godsdienstige ritueel is nie, maar intieme liefdes-kommunikasie; waar diens nie 'n las is nie, maar 'n vreugde; waar lof en waardering spontaan uit die vrou se mond kom, omdat haar hart daarvan vol is. Dit alles sal slegs gebeur op grond van die geregtigheid en liefde wat Hy in sy trou aan haar skenk.

Die Kerk is kosbaar. Sy is die Here se oogappel! Die Kerk is die Bruid van Christus. Die Bruid kan nie *van 'n ander soort* as die Bruidegom wees nie. Daarom is die Kerk (elke lid daarvan) bestem om soos Christus te wees. Hieroor is die Skrif baie duidelik. **Lees asseblief Romeine 8:28-30** en let op die woorde in vers 29: *... het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun* (1983 Vertaling). Die Nuwe Lewende Vertaling sê: *... Hy het hulle aangewys om soos sy Seun te word.* Johannes bevestig dat ons inderdaad eendag *soos Jesus sal wees* (1 Johannes 3:2). Daarom kan niemand deel van die Kerk word deur by 'n gemeente aan te sluit nie. 'n Nuwe geboorte van bo af, 'n geboorte uit God, is nodig (Johannes 1:12-13). Dit gee aan die Kerk 'n nuwe identiteit wat op verskillende maniere in die Nuwe Testament beskryf word. Die Kerk is God se kinders, sy volk, sy eiendom. Die Kerk is die Liggaam en Bruid van Christus. Die Bruid is



losgekoop van en uitgeroep uit die wêreld (Handelinge 20:28 en Romeine 1:7). Deur sý bloed is hulle verhouding eens en vir altyd volkome herstel (Hebreërs 10:10-18). Die Bruid is volmaak in die oë van die Bruidegom! Daarom het die Bruid net oë vir die Bruidegom en berei haar voor vir sy koms (1 Johannes 3:2-3). Sy smag en roep gedurig na Hom (Openbaring 21:17)!

Teofilus, ek en jy is die Kerk, so ook elkeen wat in Jesus Christus glo. Elkeen wat uit God gebore is, het 'n nuwe identiteit gekry. Teen hierdie agtergrond sal ek in my volgende brief 'n paar kort stellings oor die kerk maak en jou tweede vraag beantwoord.

*Here Jesus, baie, baie dankie vir die groot voorreg wat U aan ons gee om u Kerk te wees. Dankie dat ons u Bruid kan wees. Dankie dat U alles wat nodig was gedoen het om die verhouding tussen ons en U te herstel. Dankie dat ons, die Kerk, vir U kosbaar en volmaak is. Amen*

## **Brief 31**

### **Kom ons verf die kerk**

Teofilus

Soos jy weet, bly ons baie vêr van die dorp af. Omdat die mense dus nie maklik by die **kerk** kan kom nie, het ons besluit om een keer per maand op Sandplaas **kerk** te hou. Vir die doel het ons die ou huis wat daar is, as **kerk** gebruik. Die sitkamer was ons **kerk**, maar dit het verf nodig gehad. Een Sondag het ek toe gevra dat almal die volgende keer ou klere moet aantrek sodat ons na **kerk** die **kerk** kan verf. Almal was opgewonde en bly en het na dié dag uitgesien. Toe die dag aanbreek het ek gesê: *Hier is die verf. Staan nader. Kom ons verf **mekaar!*** Almal was geskok en niemand was gewillig om iemand anders te verf of om self geverf te word nie. Maar almal het die boodskap gekry dat ons plekke en dinge en geleenthede **kerk** noem wat nie **Kerk** is nie.



- Advertensieborde waarop “kerktye” aangebring is, mislei mense en versterk ’n onbybelse opvatting, naamlik dat daar ’n tyd vir kerk is. Dit maak dat mense Sondag-Christene en Week-ateïste word. Kerkwees is ’n 24/7-saak en kan op geen manier beperk word tot sekere tye op ’n Sondag nie.
- Wanneer mense op ’n Sondag tydens die erediens in die “*huis van die Here*” verwelkom word, word ’n dwaling verkondig. Die Here bly nie in tempels (geboue) wat mense gebou het nie (Handelinge 17:24). Die kinders van God is die tempel van God waarin Hy deur sy Gees woon (1 Korintiërs 3:16). Waar hulle bymekaar is, dáár is God (Matteus 18:20). Die opvatting dat daar ’n plek is waar God woon en aanbid moet word, maak ewe-eens dat mense Sondag-Christene en Week-ateïste word.
- Die wêreld se maatstaf vir suksesvolle kerke is drie G’s = Getalle, Geboue en Geld. Hierdie drie G’s is nie noodwendig goed óf sleg nie, dis *doodgewoon niksseggend* as ons die kwaliteit van die bruid se verhouding met die Bruidegom wil beoordeel. Die Bruidegom wil sien dat sy Bruid *oorgee, omgee en aangee*, en só wys dat sy een met Hom is.
- As kerkwees so duur geraak het dat ’n gemeente nie meer kan of wil *aangee* nie, is daar iets radikaal fout met hulle verstaan van kerk en sending. As geld nodig was om waarlik kerk te wees, beteken dit dat ryk mense in ryk lande beter kan kerkwees as arm mense in arm lande. Dis tog twak! *Oorgee, omgee en aangee* kan ewe goed sonder geld as met geld gedoen word.
- Kerk is:
  - ✓ **Mense**, nie ’n plek nie (Handelinge 17:24 en 1 Petrus 2:5)
  - ✓ ’n **Liggaam**, nie ’n gebou nie (1 Korintiërs 12:18,26,27 en Efesiërs 4:16)
  - ✓ ’n **Weermag**, nie ’n gehoor nie (2 Korintiërs 10:3-4 en Efesiërs 6:10-13)
  - ✓ ’n **Geestelike familie**, nie ’n godsdienstige lede-organisasie nie (Efesiërs 2:19; Kolossense 4:15; 1 Timoteus 3:4-5 en Hebreërs 3:4-5)
  - ✓ **Verhoudinge**, nie rituele nie (Matteus 5:23-24)

**Lees Hebreërs 10:25** en kyk wat noem die skrywer dit wat ons “kerk” noem:

.....



Teofilus, ek kom nou by jou vraag: *By watter kerk (denominasie) moet nuwe dissipels inskakel?* Ek deel net eers my seer met jou: Ek is diep hartseer omdat ek in my lewe baie nuwe bekeerlinge van verskillende bevolkingsgroepe weer teruggestuur het na hulle “kerke” (of sommer net groepe) wat, *toe hulle dáár was*, nié vir hulle ’n Bybelse fondasie gegee het nie. Ek was ongehoorsaam aan **1 Korintiërs 5:9-11!** Meeste van hulle het mettertyd maar net teruggeval in hulle ou lewe. Hulle moet van voor af gesoek en dissipel word. Moenie pasgebore babas (jong Christene) terugstuur na “kerke” waar een ding gepraat en ’n ander ding geleef word nie. Dis lewensgevaarlik, want dan leer jy hulle, soos ek al vroeër aan jou geskryf het, uit die staanspoor om ongehoorsaam aan die Here te wees. Ek weet daar is nog nie volmaakte gemeentes nie, maar dit is tog duidelik dat *oorgee, omgee en aangee* vir sommige gemeentes die hoogste prioriteit is, terwyl dit vir ander nie regtig belangrik is nie. Sommige gemeentes lê fondasies en rus gelowiges toe vir hulle dienswerk in die liggaam, ander bly net met godsdiens besig.

Teofilus, dit bly egter baie belangrik dat elke gelowige wel by ’n geestelike familie sál inskakel. Kinders van die Here het ’n verantwoordelikheid teenoor mekaar, soos ek al vroeër geskryf het. As iemand nie deel word van ’n geestelike familie nie, gebeur dieselfde wat gebeur wanneer jy een stomp uit ’n vuur trek. Die stomp gaan dood en lê en rook net. Dis selde dat ’n nuwe bekeerling op sy/haar eie oorleef.

*Here, help my en Teofilus asseblief om elke nuwe dissipel by ’n geestelike familie in te skakel wat saam met ons verantwoordelikheid aanvaar om goeie Bybelse fondasies aan hom of haar te gee. Gee ons wysheid Here, want in ’n land met baie “kerke”, maar min oorgee, omgee en aangee, is dit nie altyd maklik om die regte besluit te neem nie. Amen*



## Dag 32

### Lei op en rus toe

Teofilus

Ek moet nog iets sê oor die derde stap van dissipelskap. Daarsonder sal reproduksie en vermenigvuldiging nie plaasvind nie. Almal wat in Christus glo, moet nou **opgelei en toegerus word** om hulle taak en funksie in die liggaam te vervul. Hoewel lede se take en funksies van mekaar verskil, is daar tog ook dinge waarvoor *almal* verantwoordelik is. Om dissipels te maak is een van dié verantwoordelikhede. Daarom moet *almal* opgelei word om dit te doen.

**Lees Efesiërs 4:11-16.** Wat het die Here volgens vers 11 gedoen en hoekom?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Die konsep van die “*vyfvoudige bediening*” kan teruggevoer word tot by Jesus. Hy is die perfekte rolmodel van elkeen van hierdie vyf bedieninge. As Apostel, Profeet, Evangelis, Herder en Leraar het Hy dissipels gemaak.







Al vyf die bedieninge is dus nodig wanneer ons dissipels maak. Gelowiges móét deur al vyf hierdie bedieninge toegerus word, net soos 'n vrugteboom water, sonlig, bemesting, plaagbestryding en gereelde snoei vir optimale vrug nodig het. Wanneer gelowiges slegs aan een of twee van hierdie bedieninge blootgestel word, ontwikkel ernstige tekorte en probleme in die liggaam. Die liggaam van Christus kom nie tot volwassenheid nie. Gevolglik sukkel die Kerk om sy Godegewe taak en funksie na behore te vervul. Die kerk sukkel met *oorgee, omgee en aangee*.

Dié opleiding en toerusting is dus nie net vir vrywilligers nie. Almal moet opgelei en toegerus word, want almal het 'n funksie om te vervul. Kan ek jou sommer ook daaraan herinner dat die maak van dissipels 'n *funksie* is. Dit gee nie aan iemand 'n *posisie* van "dissipelmaker" nie. Gelowiges moet opgelei word om *funksies* te vervul, nie *posisies* te beklee nie (Efesiërs 4:11-16 en Matteus 23:8-10).

Teofilus, hoewel alle prediking ook as opleiding gesien kan word, gaan dit hier oor spesifieke, gesistematiseerde inhoud met die oog op 'n





spesifieke uitkoms: *Elke gelowige moet sy of haar funksie in die liggaam kan vervul én dissipels kan maak van hulle wat nog buite die familie van God staan.* Sulke programme en kursusse is by AMOS en verskillende kerke beskikbaar. Doen moeite om geskikte materiaal in die hande te kry, asook blootstelling aan al vyf bedieninge wat in Efesiërs 4:11 genoem word.

*Here, herstel asseblief die vyfvoudige bediening in u Kerk en gee dat elke gelowige 'n begeerte sal hê om opgelei en toegerus te word. Begin by my en Teofilus. Rus ons toe deur apostels, profete, evangeliste, herders en leraars. Laat ons groei tot volwassenheid en Jesus se lewe van oorgee, omgee en aangee demonstreer. Amen*

## **Dag 33**

### **Gaan!**

Teofilus

Dis jammer dat meeste Christene voel hulle kan nie Jesus aan die wêreld voorstel of die goeie nuus met ander deel nie. Dis 'n totaal verkeerde opvatting, want ...

- ✓ Almal wat die Gees het, het die krag en vermoë om dit te doen;
- ✓ Elke Christen in wie se lewe Bybelse fondasies gelê is, weet genoeg om die boodskap oor te dra;
- ✓ Elkeen wat 'n ontmoeting met Jesus gehad het en in 'n intieme verhouding met Hom leef, het iets om te vertel! Getuig (vertel) net wat jy gesien, gehoor en beleef het (1 Johannes 1:1).
- ✓ God maak dit altyd vir al sy kinders moontlik om sy opdragte uit te voer (Filippense 2:13). Dis een van die kenmerke van God wat my altyd nederig en dankbaar voor Hom laat buig.

Omdat baie Christene die opvatting het dat hulle nie kan aangee nie, moet jy hulle oor en oor verseker dat hulle wel kan. Spreek jou vertrouwe in hulle uit. Moedig hulle aan. Wys hulle hoe. Gee hulle die geleentheid én die verantwoordelikheid. Mense word nooit bemagtig om



iets te doen as jy hulle nie ook in die posisie plaas om verantwoordelikheid te neem nie. Gee hulle ook die geleentheid om terug te kom, verslag te doen en raad te vra. Dit is wat Jesus met sy dissipels gedoen het (Lukas 10:1-24). Dit is die laaste stap van dissipelskap! **Stuur mense uit met die opdrag** om te gaan *aangee*. Hoe meer hulle dit doen, hoe beter sal hulle vaar!

Onthou daar is verskillende maniere waarop die Evangelie aangegee kan word. Almal is belangrik en jy kan nie die één gebruik as 'n verskoning om nie die ánder te doen nie. Wees vir alles beskikbaar, maar laat die Gees jou lei wanneer wáatter metode die nodigste en beste is. Moet egter onder geen omstandighede swig voor die versoeking om 'n kragtlose evangelie *aan te gee* wat nie mense se lewe kan verander nie. Mense smag na verlossing, bevryding en oorwinning. Hulle wil sien en beleef dat Jesus dit moontlik maak.

Kyk of jy self ten minste ses wyses van *aangee* kan ontdek:

Gaan maak dissipels (Matteus 28:19 / Johannes 20:21):

Deur soos Jesus te ..... (1 Johannes 2:6)

Deur te .....(Matteus 9:35-38 / 2 Tessalonisense 3:1)

Deur te ..... (Handelinge 1:8)

Deur ..... (Lukas 8:1-3 en 3 Johannes vers 6-8)

Deur .....(2 Timoteus 2:2)

Deur mense te ..... (Matteus 5:1-2 en 28:20)

En onthou:

- ✓ Jy het die Woord én die Gees;
- ✓ Jesus is die een aan Wie alle mag oral behoort;
- ✓ Jesus is met en by jou, elke dag in elke situasie, vir altyd!

Leef, bid, getuig, gee, vertrou die Woord toe aan ander en leer hulle! Jy kan! In die Naam van die Here Jesus beveel ek jou: **Doen dit!**



## Lees 1 Timoteus 6:13-16

Wat moet jy doen? .....

Hoe moet jy dit doen? .....

Hoe lank moet jy aanhou? .....

Wat motiveer jou om dit te doen? .....

Teofilus, dit gaan nie net oor 'n langtermyn verbintenis om dissipels te maak nie, maar oor 'n lewenslange verbintenis om die Groot Opdrag uit te voer.

*Here God, maak ons asseblief getrou in die uitvoering van Jesus se laaste opdrag. Laat die liefde wat U beweeg het om u Seun te stuur, ons ook inspireer en motiveer om te gaan! Laat ons nooit moeg word om oor te gee, om te gee en aan te gee nie. Amen.*

## Brief 34 Die Woordelose Boekie

Teofilus

Probeer gou hierdie twee nommers memoriseer: **361425** en **123456**. Watter nommer memoriseer jy die maklikste? Watter nommer gaan jy die langste onthou? Waarom?

**Lees Lukas 1:1-4** in die 1953- of 1983-Vertaling. Wat het Lukas gedoen en hoekom?

.....

Teofilus, wanneer jy die Evangelie met mense deel, is dit belangrik om te onthou dat baie van hulle geen Bybelse verwysingsraamwerk of



geheelbeeld het nie. Baie weet nie eers wie Paulus of Moses is nie; nie wat met Ou- en Nuwe Testament bedoel word nie; nie hoekom Christene van die kruis en bloed praat nie; nie wat na die dood gebeur nie; ensovoorts. Daarom is dit so belangrik om eers vir hulle die *groot prentjie* te gee. Om eers die *hele boodskap* van die Bybel so kort en maklik as moontlik saam te vat. Daarna kan jy begin uitbrei en elke saak beter en in meer diepte verduidelik.

Vir dié doel is die **Woordelose Boekie** 'n baie goeie hulpmiddel. Dit is 'n boekie sonder enige woorde. Dit som die boodskap van die Bybel op aan die hand van **ses kleure**. Elke kleur verwys na 'n belangrike deel van die een boodskap.

- **GOUD:** Daar is net een ware God en Hy het jou lief. Hy het alles geskep, heers oor alles en hou alles in stand. Hy het wonderlike eienskappe, maar geen sonde nie. Hy is net goed. Hy haat sonde.
- **VUIL:** Sonde het skeiding tussen God en mens gebring. Sonde maak my en jou lewe vuil. Daar is hoegenaamd niks wat ek en jy kan doen om ons verhouding met God te herstel nie.
- **ROOI:** Ons sonde kon egter nie keer dat God ons lief het nie. Daarom het Hy sy Seun gestuur om ons deur sy bloed met Hom te versoen en die straf op ons sonde weg te neem.
- **SKOON:** Almal wat in Jesus glo, word schoongemaak van sonde. Hulle kan 100% seker wees dat hul verhouding met God herstel is en dat Hy hulle as sy kinders aangeneem het. As bewys het Hy sy Heilige Gees gestuur om in hulle te woon en hulle lewe nuut te maak.
- **GROEN:** Al God se kinders moet geestelik groei en al hoe meer soos Jesus lewe. Om te groei, moet hulle die Bybel lees en gehoorsaam; bid; getuig (*aangee*); sonde bely en laat staan, asook deel word van 'n geestelike familie.
- **BLOU:** Ons kyk op na die hemel (blou lug) en verwag dat Jesus weer gaan kom, net soos Hy opgevaar het. Hy kom ons haal om vir ewig met Hom te wees.

AMOS bied aan jou vyf Woordelose Boekie-hulpmiddels in verskillende tale. Hoe meer tyd jy tot jou beskikking het en hoe duideliker jy die boodskap wil oordra, hoe langer verduidelik jy elke kleur.



- Woordelose Boekie: Jy verduidelik self wat elke kleur beteken;
- Een bladsy uiteensetting: Om jou te help om sleuteltekste en begrippe te onthou en van een kleur na 'n ander oor te gaan.
- Kort Handleiding by die Woordelose Boekie: Dis 'n klein sakboekie wat die boodskap van elke kleur op twee bladsye opsom en heelwat Skrifverwysings gee.
- Plaasgodsdiensgids: Dit bevat 24 lesse met visuele inleidings en flitskaarte wat aansluit by die ses kleure en verder daarop uitbrei.
- Grondwaarhede van die Woord: Dié kursus behandel die ses kleure in nege geïllustreerde handboeke. Dit kan in 80 uur oor 'n tydperk van 'n jaar aangebied word.

Teofilus, die Woordelose Boekie is 'n kosbare hulpmiddel aan die hand waarvan jy die goeie nuus kan aangee! Ek wil jou aanmoedig om dit te gebruik.

*Here God, seën asseblief die aangee van die boodskap van die Bybel. Help Teofilus om dit op so 'n manier te doen dat mense dit mooi sal verstaan en dit vir altyd sal onthou. Laat hulle dit glo sodat hulle gered kan word. Mag meer en meer mense uit elke stam, volk, taal en nasie U loof vir hulle verlossing. Amen*

## Brief 35

### Die agtergrond waarteen jy *aangee*

Teofilus

Kyk na die volgende:

**God het jou lief!**

**God het jou lief!**

Watter een van hierdie twee se woorde is die duidelikste? Wel, eintlik is beide se woorde ewe duidelik geskryf. Die verskil kom by die agtergrond. Teen 'n *skoon* agtergrond is die woorde duideliker leesbaar as teen 'n *vuil* agtergrond. Hoe duidelik mense jou getuienis gaan hoor



en gaan glo wat jy sê, hang af van die agtergrond waarteen jy dit sê: Hoe skoon of vuil jou eie lewe is. As jou lewe skoon is, kan jy die boodskap fluister en almal sal dit hoor (vgl. 1 Petrus 3:1-2). As jou lewe vuil en vol sonde is, kan jy die boodskap maar uitskree, niemand sal dit hoor nie. Nog minder sal hulle dit glo.

Jare gelede het 'n boer in die Hexvallei eendag sy ervaring met my gedeel: “Ek het pas tot bekering gekom, maar my lewe het nog nie regtig verander nie. Ek het ook aanhou rook én dit op allerlei maniere probeer regverdig. Op 'n dag het ek weer plaasgodsdien gehou en 'n *kragtige* boodskap oor verlossing gebring. Na die tyd het ek gevoel die Here het my regtig gebruik! Maar toe ek wegstap, het ek soos gewoonlik my sigaret opgesteek. Die volgende oomblik het een van die werkers van agter af op my skouer geklop om my aandag te kry. *Meneer*, het hy gesê-vra: *Jy sê die Here kan my verlos van alles: van my drinkery, my rondslaap en die dagga, maar meneer, Hy kry dit dan nie eers reg om meneer te verlos van die rook nie. Hoe sal Hy dit regkry om my te verlos van die gemors waarin ek is?* Hennie, ek sê jou, ek het daar en dan die sigaret uit my mond uitgehaal en tot vandag toe nog nie weer gerook nie. Ek het 'n kragteloze boodskap aan my werkers oorgedra, maar die Here het 'n kragtige boodskap deur een van hulle aan my gegee: My lewe moet getuig van die verlossing, oorwinning en vernuwing wat Jesus bring.”

Teofilus, mense is moeg vir 'n kragteloze godsdien wat nie hulle lewe kan verander en oorwinning oor sonde bied nie. Hulle is op soek na 'n intieme verhouding met 'n lewende God wat hulle lewe radikaal nuut kan maak, soos Hy belowe het.

Jesus is nie net die *Lam* wat geslag is en die Verlosser wat ons sonde en skuld wegneem nie (Johannes 1:29 en Openbaring 5:6). Hy is ook die *Leeu* uit die stam van Juda, die Here wat oorwin het en ons nou meer as oorwinnaars maak (Openbaring 5:5 en Romeine 8:37).

Teofilus, die effektiwiteit waarmee ons die boodskap *aangee*, hang grootliks af van die mate waarin ons onself in gehoorsaamheid aan Hom *oorgee*. Dit is die rede waarom ek vroeër soveel klem daarop gelê het dat Jesus die Here is en dat Hy gehoorsaam moet word. Ons het saam met Christus gesterf en opgestaan, daarom kan en moet ons



sonde oorwin (Romeine 6). Hoe anders sal die wêreld kan glo dat Jesus die duiwel, die sonde en die dood oorwin het?

*Jesus, dankie dat U as Lam geslag is om ons met u bloed skoon te was van al ons sonde! Ons aanbid U as die Leeu uit die stam van Juda, magtige Koning, Oorwinnaar vir altyd, Heerser vir ewig. Kom heers en regeer in my en Teofilus se lewe sodat die wêreld sal glo wat ons hulle oor U vertel. Amen*

## **Brief 36**

### **Wen die geestelike stryd**

Teofilus

Jesus het *oorgegee, omgee en aangegee* deur te bid. Gebed is 'n wesentliche deel van dissipelskap. Sonder gebed is *oorgee* net 'n voorneme, *omgee* gewoon humanitêre hulp en *aangee* net die oorvertel van 'n godsdienstige storie.

In een van die waardevolste boeke wat ek nog bestudeer het, *Intercessory Prayer* deur Dutch Sheets, gebruik Dutch die beeld van 'n oorlog. Die eerste deel is die geveg waarin die oorlog gewen word. Die tweede deel is die werk om die oorlogsbuit na die oorwinning bymekaar te maak. Dan maak hy die stelling: Die werklike geveg vind in gebed plaas. Die werk wat ons daarna doen, is net om die vrug van die oorwinning wat in gebed behaal is, op te eis en bymekaar te maak. (Teofilus, jy kan gerus die boek koop en bestudeer. Dis ook in Afrikaans beskikbaar onder die titel: *Die krag van intredende gebed*. Jy kan ook na 'n DVD-reeks kyk wat dieselfde titel het.)

Jy het al gehoor van geestelike oorlogvoering. Kom ek verduidelik vir jou so eenvoudig as moontlik wat dit beteken: Ken die Bybel en wen die duiwel! Lees Matteus 4:1-11.



Elke gelowige is in 'n intense geestelike oorlogstryd gewikkel (Efesiërs 6:10-20 en Openbaring 12:12-17). Die wêreld is vasgevang in die greep van Satan en die sonde (2 Korintiërs 4:4 en 1 Johannes 5:19). Satan mag egter nie die oorhand oor ons kry nie. Ons ken sy planne maar alte goed (2 Korintiërs 2:11). Christus het immers gekom en die “sterk man” gebind (Markus 3:27), die duiwel oorwin (Hebreërs 2:14-15) en sy werk kom vernietig (1 Johannes 3:8). God het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy van sy Seun gestel - dié Seun wat Hy liefhet (Kolossense 1:13). Nou deel ons sy gesag oor die bose magte (Efesiërs 1:18-22 en 2:6). Daarom word ons ook geroep om mense vir Christus te wen en hulle só te bevry uit die mag van die sonde en die duiwel (Handelinge 26:16-20).

Hoe doen ons dit? Deur biddend te getuig van die liefde, genade en verlossing wat in Christus te vinde is. Deur in gebed die werke van die Bose aan te val en te vernietig (Matteus 6:13 en 2 Korintiërs 10:3-5). Deur te bid dat die wil van God steeds meer in die lewe van sy kinders sal geskied, maar dat dit ook in **meer** mense se lewe sal geskied.

In kort: Jy moet dié dinge wat die Satan in die lewe van mense doen, ook op julle plaas en in julle gemeenskap, deur jou gebede en in die Naam van Jesus “aanval” en vernietig (vgl. 2 Korintiërs 10:3-5). Dan moet jy bid dat die wil van God in die plek daarvan sal geskied. Dít is geestelike oorlogvoering. In my volgende brief gee ek aan jou 'n lys van die werke van die Satan, sowel as die wil van God.

*Here Jesus, baie, baie dankie vir die oorwinning wat U reeds behaal het. Help ons om die oorwinning op ons knieë te behaal sodat ons nie tevergeefs sal aangee nie. Amen*





## Brief 37

# Vernietig! Vestig nuut!

Teofilus

Jy moet dié dinge wat die Satan in die lewe van mense doen, ook op die plaas en in julle gemeenskap, deur jou gebede “aanval” en vernietig (vgl. 2 Korintiërs 10:3-5):

1. As leuenaar mislei en verlei hy mense (Johannes 8:44).
  - Hy laat mense glo dat hy nie bestaan nie.
  - Hy laat mense glo dat hulle sonde kan doen, en nogtans die gevolge daarvan kan vryspring. Hy laat mense glo dat sonde tot hulle voordeel kan wees (Genesis 3:1-5 en Spreuke 1:8-19).
2. Hy stel strikke vir gelowiges om hulle te vang (1 Timoteus 3:7).
3. Hy verblind mense sodat hulle ...
  - nie hulle sonde raaksien nie (Openbaring 3:17 en Maleagi 1:6-7).
  - nie die Evangelie glo nie (2 Korintiërs 4:4).
4. Hy probeer Christene se geloof vernietig (Lukas 22:31).
5. Hy gebruik geweld, intimidasie en vervolging om sy sin te kry (Handelinge 4:21-29 en 5:40; 1 Petrus 5:8; Openbaring 2:10-13 en 13:16).
6. Hy maak mense bang, moedeloos en depressief (1 Konings 19:1-4; Matteus 10:28; Romeine 8:15; Openbaring 2:10).
7. Hy verhinder die werk van die Here (1 Tessalonisense 2:18).
8. Hy plaas bose gedagtes in mense (Johannes 13:2 en Handelinge 5:3).
9. Hy vuur mense aan om ongehoorsaam te wees en sonde te doen (Galasiërs 5:19-21; Efesiërs 2:2; Jakobus 3:14-16).
10. Deur ongelowiges voer hy skinderveldtogte en kwaadstokery teen God se kinders (Jeremia 18:18; Handelinge 13:50 en Openbaring 2:9).
11. Hy plaas sy volgelingen binne-in die kerk om God se werk lam te lê (Matteus 13:25 en 38-39).
12. Hy hou mense passief, vasgevang in uiterlike, kragteloze godsdiens (2 Timoteus 3:1-5 en Openbaring 3:15-16).
13. Hy laat gelowiges hulle tyd op onbenullighede mors. *Satan is an expert in getting us to major on minors, and to minor on majors.* (vergelyk Matteus 23:24 en Filippense 1:9-10).
14. Satan beset mense en neem beheer oor hulle (Johannes 13:27).



15. Hy haal teksgedeeltes buite verband aan om mense tot sonde te mislei (Hy het dit met Jesus probeer - Matteus 4:1-11).
16. Hy laat mense glo dat hulle die regte ding op 'n verkeerde manier kan kry (Hy het dit ook met Jesus probeer - Matteus 4:8-9).

Jy moet bid dat die wil van God sal geskied. Sy wil is ...

1. Dat alle mense gered sal word!  
(Matteus 18:14; 1 Timoteus 2:3-4; 2 Petrus 3:9)
2. Dat die wat gered is, van Hom sal getuig!  
(Matteus 28:19; Handeling 1:8; 1 Petrus 2:9 en 3:15)
3. Dat Christene deur die Woord en Gees beheer sal word!  
(Galasiërs 5:16 en 25; Efesiërs 5:17-18; Romeine 8:8-9 en 14)
4. Dat ons Hom en ons medemens sal liefhê!  
(Matteus 22:37-40; 1 Johannes 3:16-18 en 23)
5. Dat ons heilig, soos Jesus sal lewe!  
(1 Tessalonisense 4:3-8; 1 Petrus 1:16; 1 Johannes 2:6)
6. Dat ons ons aan gesag (ook die owerheid) sal onderwerp!  
(Romeine 13:1-7; Titus 3:1; 1 Petrus 2:13-15)
7. Dat ons in alle omstandighede bly en dankbaar sal wees!  
(1 Tessalonisense 5:18; Efesiërs 5:20 teenoor Judas vers 16a)
8. Dat Christene mekaar sal liefhê en eensgesind sal wees!  
(Johannes 13:34-35 en 17:20-23; Romeine 15:5-7)
9. Dat ons gedurig sal bid  
(1 Tessalonisense 5:18)

Jeremia is geroep om te ontwortel en plat te slaan, om op te bou en nuut te vestig (vgl. Jeremia 1:10 in die Nuwe Lewende Vertaling). Gebed is die mees effektiewe manier om die werk van die Bose te vernietig en die wil van God te laat geskied. Ken dus jou vyand en sy strategieë, maar ken veral vir Jesus wat hom kláár oorwin het (Hebreërs 2:14-15; Openbaring 5:5)!

*Vader, leer ons hoe om volgens u Woord te bid. Help ons om die werk en planne van die Bose te identifiseer en deur gebed te vernietig. Laat ons met nuwe vuur en erns bid dat u Naam geheilig sal word, u Koninkryk sal kom en u wil sal geskied. Ons vra dit*



*namens Jesus, bekleed met sy geregtigheid, gedring deur sy Gees.  
Amen*

## Brief 38

### Bekering is nodig

Teofilus

Jou vrae oor bekering is baie belangrik. Dit eerste vrae kom op die volgende neer: *Is dit God wat mense tot bekering bring, of is dit mense se verantwoordelikheid om tot bekering te kom?* Op die oog af klink dit of ons 'n keuse tussen dié twee moet maak, maar is dit werklik nodig? Kan ons nie beide aanvaar sonder om dit teenoor mekaar te stel nie? Het ons nie hier te doen met 'n *geestelike antinomie* nie? ('n Antinomie is 'n teenstrydigheid tussen wette of grondbeginsels, of anti-die-norm). Byvoorbeeld: As God alles laat gebeur volgens sy wil, beteken dit noodwendig dat die mens geen keuse het nie? As die mens 'n keuse het, beteken dit noodwendig dat God nie volledig in beheer van alles is nie?

In sy boek, *Die Persoon en Werk van die Heilige Gees*, verwys Jan Oosthuizen na 'n ene JI Packer wat die volgende illustrasie gebruik om die antinomie van die soewereiniteit van God én die verantwoordelikheid van die mens te verduidelik. Packer sê dat wanneer wetenskaplikes **lig** bestudeer, hulle ook met 'n antinomie te make het. Daar is definitiewe bewyse dat lig beide uit *golwe* en uit *partikels* bestaan. Dit is nie duidelik hoe lig beide golwe en partikels kan wees nie, maar die bewyse is daar dat dit wel die geval is. Daarom kan die een groep bewyse nie ten koste van die ander, ewe geldige bewyse, van die tafel gevee word nie. Dit kan ook nie as minder belangrik beskou word of in terme van die ander bewyse verklaar word nie. Die twee skynbaar onversoenbare, teenstrydige werklikhede **moet beide gehandhaaf en as die waarheid aanvaar word**. Dan sluit Packer af deur te sê: *Such a necessity scandalizes our tiny minds, no doubt, but there is no help for it if we are loyal to the facts.*"



My antwoord is dus as volg: *Bekering is beide die werk van God én die verantwoordelikheid van die mens. Ons mag die een nie oorbeklemtoon ten koste van die ander een, of in terme van die ander een probeer verduidelik nie. Daar is duidelike Skrif-bewyse vir beide en ons kan maar net bely dat ons verstand te klein is om te begryp hoe albei gelyktydig waar kan wees.* (Lees Handeling 2:38 en 40 / 5:31 / 11:18 en 21 / 13:48 / 15:14 / 16:14 / 16:30-31 / 26:18).

Jou tweede vraag is veel makliker om te antwoord: *Wie moet tot bekering kom?*

**Lees Romeine 3:23** om die antwoord te kry: .....

**Lees Romeine 6:23.** Wat is die gevolg van sonde?.....

Wie het bekering nodig? Almal, sonder uitsondering! Daar is twee groepe mense. **Opstandige mense (Rebellious)** en **Godsdienstige mense (Religious)**. Met godsdienstig bedoel ek nie net mense wat ander godsdienste aanhang nie, maar veral mense wat hulle met die Christelike godsdiens assosieer, maar wat geen verhouding met Christus het nie. Lees onderstaande Skrifgedeeltes en skryf die woorde neer wat daarop dui dat dié mense in opstand en/of godsdienstig is.

**Romeine 1:18-32 en 5:8** .....

.....

**Romeine 9:30 tot 10:4** .....

.....

Jou laaste vraag antwoord ek so: *Iemand kom tot bekering wanneer hy/sy met die hart glo en met die mond bely wat die Bybel oor Jesus sê.* Dit word gewoonlik voorafgegaan deur 'n diepe besef van sonde en verlorenheid, asook 'n magteloosheid om self iets daaraan te doen. 'n Besef dat goeie werke nie redding kan bring nie! Die egtheid van die



geloof en die opregtheid van wat bely word, moet daarna met daad bewys word.

**Lees Romeine 10:8-13** en som dit op in jou eie woorde: .....

.....

**Lees Handeling 26:20 en Jakobus 2:14-17** en som dit hier op: .....

.....

Iemand het tot bekering gekom wanneer die persoon met die hart glo, met die mond bely en met die daad bewys dat Jesus, die Seun van God sy Here en sy Verlosser is.

*Gees van God, ek en Teofilus roep opstandige en godsdienstige mense op om hulle tot U te bekeer. Almal wat verlore is. Wil U asseblief doen wat U reeds in die tyd waarvan Handeling ons vertel, gedoen het: Bring mense tot bekering! Maak hulle ontvanklik vir U Woord. Gee dat hulle in die Here Jesus Christus sal glo. Amen*

## **Brief 39**

### **Maar jy, wat sê jy?**

Teofilus

Dissipels van Jesus is bereid om geleer te word. Dis 'n belangrike eienskap van dissipels. Hoe kan hulle ander gaan leer as hulle nie bereid is om geleer en geoefen te word nie? As jy 'n onleerbare gees het, is dit die gees wat jy gaan oordra aan die mense wat jy dissipel.

Ek dink nou terug aan jare gelede toe ek nog leraar in 'n gemeente was. Ek en ouderling Markus het huisbesoek gedoen. Op 'n spesifieke plaas het ek geles en toe gevra dat hy 'n gebed moet doen. Hy het pragtig begin, maar na 'n paar sinne was dit doodstil. Die stilte het lank geduur.



Ek het besef hy gaan nie verder bid nie. Toe het ek maar oorgeneem en klaargemaak – nie net die gebed nie, maar sommer die besoek ook. Toe ek “Amen” sê het ons dadelik vertrek om uit die verleentheid weg te kom. Toe ons so wegry het ek om verskoning gevra. *“Ekskuus man, ek het nie geweet jy raak so gespanne as jy voor mense moet bid nie. Ontspan nou maar, ek sal jou nie weer vra nie.”* Groot was my verbasing toe Markus antwoord: *“Vra my weer op die volgende plaas, want as die Here wil hê ek moet vir mense bid, sal Hy my leer.”* ʼn Jaar later was daar min ouderlinge wat so sinvol en gefokus soos Markus in die konsistorie voor ’n erediens gebid het. Waarom? Omdat Markus bereid was om *geleer en ge-oefen* te word!

Teofilus, een van die redes waarom Christene so sukkel om te getuig, is omdat hulle nie geleer en geoefen word nie.

**Lees Matteus 16:13-15.** Wat wil Jesus van sy dissipels weet?

.....

**Lees 1 Petrus 3:15.** Wat moet dissipels altyd reg wees om te doen?

.....

**Lees Handeling 18:24-26.** Wat gebeur hier?

.....

**Lees Galasiërs 1:11 tot 2:2.** (Let veral op 1:11 en 18, asook 2:1-2) Wat gebeur hier en hoekom doen Paulus dit?

.....

Dis presies wat ek nou wil hê jy moet doen, Teofilus. Skryf neer wat jy glo! Formuleer jou geloof in jou eie woorde. Jy kan enige struktuur gebruik (bv. die kleure van die Woordelose Boekie, die eienskappe van ’n dissipel, ’n Skrifgedeelte, ens.). Deel dit wat jy geskryf het met ten minste vyf ander dissipels van Jesus. Vra vir hulle om te luister of jou geloofsbelydenis



in lyn met die Woord is. Die doel is dat jy moet oefen hoe om jou geloof in jou eie woorde uit te druk. Jy is mos bereid om ge oefen te word!

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

*Here, maak my en Teofilus, maar ook al u kinders bereid om geleer en ge oefen te word. Help ons om met ons monde gesê te kry wat ons in ons hart van oortuig is. Help ons om oop te wees vir die hulp en raad van medegelowiges sodat ons kan leer om die volle waarheid al beter met ander te deel. Amen*



## Brief 40

### Tyd om te groet

Teofilus

Aanvanklik wou ek net my bekommernis met jou deel oor die gebrek aan reproduksie in *AMOS* en in talle gemeentes. Algaande wou ek dié dinge in jou geloofslewe aanvul wat ek vermoed, steeds ontbreek het. Ek wou aan jou 'n kort bruikbare definisie van dissipelskap gee, een wat jy maklik kan onthou en gebruik. Ek wou seker maak dat jy besef dat jy nie veronderstel is om net 'n lidmaat van 'n kerk te wees nie, maar ook 'n dissipel van Jesus. Vandag is ek oortuig dat jy nie slegs 'n dissipel is nie, maar ook jou roeping om dissipels te maak, ernstig opneem.

Maar elke dissipel kan net 'n persoonlike pad met 'n beperkte hoeveelheid ander dissipels stap. Om nuwe dissipels te kan maak, moet jy op 'n punt kom waar jy die wat jy dissipel, groet en aanbeweeg. Daar is 'n wêreld wat wag om dissipels te word! As jy mense permanent van jóú afhanklik maak, het jy hulle nié dissipels gemaak nie.

**Lees Handeling 20:17-38.** Só het Paulus afskeid geneem van mense wat Hy in Efese dissipel het.

- ✓ Hy het hulle herinner aan die voorbeeld van *oorgee, omgee en aangee* wat hy die hele tyd vir hulle gestel het (vers 18-24);
- ✓ Hy het die boodskap wat hy aan hulle verkondig het, in 'n neutedop saamgevat (vers 21 en 24). Skryf dit hier neer:

.....

- ✓ Hy het die verantwoordelikheid in hulle hande oorgegee! Hy kon dit doen omdat hy die volle boodskap aan hulle verkondig het en die nodige fondasies in hulle lewe gelê het (vers 25-28) om die storms en aanslae te kan trotseer (vers 29-31);





- ✓ Hy het hulle nie sommer net gelos nie. Wat het hy volgens vers 32 gedoen?

.....

- ✓ Hy het hulle nogeens aan sy voorbeeld en die woorde van Jesus herinner (vers 33-35);
- ✓ Hulle het saam gebid, gehuil en afskeid geneem (vers 36-38). Dit bevestig net weer die persoonlike band tussen die persoon wat dissipels maak en hulle wat dissipels gemaak word.

Teofilus, ek vertrou dat ons mekaar wel nog van tyd tot tyd gaan sien. Ons is immers altwee God se medewerkers in die landbougemeenskap. Ek vertrou dat ons steeds by mekaar sal leer en getrou vir mekaar sal bid. Ek dank die Here dat Hy jou 'n *oorgee-, omgee- en aangee-*mens gemaak het, 'n ware dissipel van Hom.

Daarom vertrou ek jou nou toe aan die Woord en die Gees; aan die Here Jesus wat deur *sý oorgee, omgee en aangee*, dit vir my en jou moontlik maak om *oor te gee, om te gee en aan te gee*. Alle lof, dank en eer aan die Vader vir dit wat Hy nog in en deur jou gaan doen.

*Die Here sal jou wys wat jy moet sien;  
Hy sal jou leer wat jy moet weet;  
Hy sal vir jou sê wat jy moet doen, en  
Hy sal jou maak wat jy moet wees, sý Beeld.*

Groete aan al jou huismense, asook die ander dissipels.  
Ek het julle almal lief.

Hennie





Die naam, **AMOS**, is afkomstig van die profeet Amos in die Ou Testament. Hy was 'n boer. Hy het veral gewaarsku teen uiterlike vormgodsdienste, allerhande onreg en uitbuiting in sy tyd. Die profeet Amos verkondig dat godsdienstigheid alleen nie genoeg is nie. God se kinders moet 24 uur van elke dag in verhouding met Hom en volgens sy wil leef. Die woord **Agrimin** is 'n afkorting van *Agricultural Ministries*, wat landbou-bediening beteken.

**AMOS** se logo is ryk aan simboliek. Die naam is prominent gedruk. Die windpomp simboliseer landbou. Die windpomp voorsien water en bring lewe en voorspoed. Ons by **AMOS** bely Jesus Christus (die rooi kruis), as die Bron van Lewende Water (blou stroom), die Een sonder wie die oorfloedlewe onmoontlik is. Net soos die windpomp afhanklik is van die wind om te kan funksioneer, bely ons met hierdie logo dat ons afhanklik is van die kragtige werking van die Heilige Gees.


### Amos Agrimin se kernbesigheid

Ons wil sien dat die **Koninkryk van God** sigbaar word in die **landbougemeenskap**.

Daarom is Amos Agrimin se kernbesigheid:



# Amos Agrimin

 +27 (0)86 580 0064

 secretary@amosafrica.net



## Amos Streke (Besook webwerf vir kontakbesonderhede)

Amos Agrimin Kaap

Amos Agrimin Noord-Kaap

Amos Agrimin Sentraal

Amos Agrimin

Eerste Nasionale Bank

Brandwag

Takkode: 230 534

Rekeningnommer: 5299 000 8842

[www.amosafrica.net](http://www.amosafrica.net)